

Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR



Jaargang XLII Nr. 12

DONDERDAG 9 OKTOBER 1986

Tutu voor 1 200 Maties

Studente moet vir hulself dink

Deur JOHANNES ROBERTS en DEON SONNEKUS

DIT was wonderlik gewees toe studente van hierdie universiteit gesê het "ons gaan met die ANC praat" - dit is 'n goeie voorbeeld van jong Afrikaners wat vir hulself dink, het aartsbiskop Desmond Tutu verlede Donderdag voor 'n stampvol Sanlamsaal op Stellenbosch gesê.

"Jong Afrikaners moet vir hulself begin dink en hulle nie deur die owerhede laat voorskryf nie - dit is ware vryheid," het hy op 'n vergadering van Ansoc, Cathsoc en Nusas gesê.

"Die wonderlikste eienskap van hulle Afrikaners is dat julle nie subtiel is nie. As julle die lig sien, is daar geen keer aan julle nie. Julle doen niks halfhartig nie - en ek probeer julle geensins verneder nie.

Onderwys

"Een van die grootste probleme in dié land is dat ons die siekste onderwysstelsel moontlik het - en ek praat nie van swart onderwys nie. Mense glo amper enigiets omdat dit deur iemand gesê word wat in 'n gesagsposisie is - hulle vra nie ondersoekende vrae nie.

"Die media bewys dié land 'n onguns deurdat hy dinge vertel wat nie waar is nie, dinge wat hy meen die mense wil hoor. Die media wek die indruk dat ons nie regtig probleme het nie."

Mense behoort volgens biskop Tutu druk op die Regering te plaas om die ANC te wettig, bannelinge te laat terugkeer en politieke gevangenes vry te laat - en dan te praat "and to talk, please, talk...").

Vryheid

Biskop Tutu het gesê "Suid-Afrika het die mees gepolariseerde gemeenskap - dit is die suksesvolle gevolg van apartheid."

"Apartheid, soos sonde, verdeel mense, terwyl die evangelie van Jesus Christus mense na mekaar bring. "Vryheid kan nie verdeel word nie, daarom kan een groep nie vryheid vir homself toe-eien nie.

Volgens biskop Tutu "wil swartmense saam met witmense in Suid-Afrika vry wees".

"Ons besef ons kan nie sonder julle vry wees nie - saam kan ons só 'n wonderlike toekoms tegemoet gaan."

Hy beskou pres. P.W. Botha as 'n "dapper" man, omdat dit sekerlik revolusionêr vir 'n Afrikaner is om te sê dat witmense nie alleen sal besluit oor die toekoms van dié land nie. "Maar dan sê hy (pres. Botha) ongelukkig nie dat dit ál die mense van hierdie land is wat oor die toekoms sal besluit nie."

Sanksies

Na afloop van die vergadering het biskop Tutu op 'n perskonferensie gesê min. Pik Botha se dreigement dat Suid-Afrika weens die instel van sanksies deur die VSA moontlik nie meer graan van Amerika sal invoer nie, is "nog 'n voorbeeld van 'n regering wat 'n doodsverlange ("death wish") het - dis soos 'n muis wat 'n olifant dreig."

"Al wat die Regering doen is om al hoe meer mense teen hom te laat draai - die wêreld kan dan sien hulle (die Regering) is onbetroubaar."

Geweld

Die middag het biskop Tutu aan sommige SR-lede en ander belangstellendes in die SR-raadsaal gesê hy huldig 'n Christelike siening wat geweld betref. "Geweld is van die bese - ek is gekant teen geweld van die radikale en regeringskant. Ons sal almal aan die verloopkant wees as onbeheersde geweld heers."

• Dr. André Odendaal, 'n lektor in geskiedenis by die Universiteit van Wes-Kaapland, het op dieselfde vergadering gesê "Stellenbosch staan vir die behoud van die status quo in Suid-Afrika."

Volgens dr. Odendaal, 'n oud-Matie, is die "grootste tragedie dat die jeug van vandag groot word in 'n atmosfeer van propaganda, disinformasie en sensuur".

"Daar is 'n plek vir Afrikaners in Suid-Afrika. My hare het penoent gestaan toe dr. Beyers Naudé in Cra-dock op die swart massa se skouers gedra is en die mense na hom geluister het."



Foto: DEON SONNEKUS

Aartsbiskop Desmond Tutu het verlede Donderdag sowat 1 200 Maties op 'n vergadering van Nusas, Cathsoc en Ansoc in die Samlamsaal toegesprek. Afrikaanse studente moet leer om vir hulself te dink, het die aartsbiskop gesê.

Studentehof verklaar jongste monstervergadering ongeldig

Deur

CHRIS VAN DER MERWE

DIE Studentehof het die monstervergadering van 31 Julie en die mosies wat daar aangeneem is, waaronder die oopstelling van koshuise vir alle rasse, ongeldig verklaar.

Mnr. Hermanus Schreuder, sekretaris van die Konserwatiewe Party, wat die aplikant in die saak was, het aangevoer dat die monstervergadering ingevolge die grondwet van 22 Augustus 1984 ongeldig is.

In sy uitspraak het mnr. Hendrik Kotzé, voorsitter van die Studentehof, gesê "prosedures vir (die hou van) 'n monstervergadering soos uiteengesit in die grondwet van 22 Augustus 1984, is nie nagekom nie."

"Die monstervergadering is ongeldig verklaar op 'n tegniese punt", het mnr. Kotzé gesê.

Stem

Ingevolge die grondwet van 22 Augustus 1984 moet elke lid van die Studente-unie die reg hê om op 'n monstervergadering 'n stem uit te bring. Omdat toegang vir ongeveer 300 studente geweier is, het die monstervergadering ongeldig gemaak.

"Die uitspraak van die studentehof was dus tegnies korrek sowel as eties die beste," het mnr. Nickie Smit, SR-sekretaris, gesê.

Jacobs

Die besluite geneem op die monstervergadering kan nie as verteenwoordigend van die Universiteit van Stellenbosch gesien word nie, maar eerder as 'n besluit geneem deur 1 200 studente, het mnr. Kotzé gesê.

In reaksie het mnr. Chris Jacobs, die SR-voorsitter, gesê dat daar nie 'n nuwe monstervergadering in die plek van die ongeldig

verklaarde vergadering beplan word nie.

"Die mosies is reeds ten volle gedebatteer," het hy gesê.

Volgens hom is die gevoel onder lede van die SR dat 'n monstervergadering "nie die gepaste geleentheid" is om die kwessie van oop koshuise te bespreek nie. Die SR oorweeg 'n referendum onder lede van die Studente-unie aanstaande jaar om oor die oopstelling van koshuise te besluit.

Volgens hom sal die kwessie dan "meer relevant" wees, aangesien die Presidentsraad se verslag oor die Groepsgebiedewet dan voltooi sal wees.

- ID-kaart by Bib pla - 2
- Klagtes oor Lanzerac - 2
- HTB wen Touchrugby - 3
- Ampie Coetzee by UWK - 4
- 'Moffie'-polemie op Tuks - 5
- Jeugrag op US gestig - 7
- Sosiale hoogtepunte van die jaar - 9
- Tuks se beurse die grootste - 11
- Koor vier jubileum - 14
- Ondersoek oor politiek - 17
- Maties presteer in gholf - 22
- Akkers vaar goed in rugby - 23

BINNEN

Touchies – eindstryd opwindend

Deur ANNCHEN NEL

HUIS TEN BOSCH het verlede Vrydag vir die tweede agtereenvolgende jaar Eendrag se jaarlikse Dames Touchrugby-toernooi gewen.

Huis ten Bosch het Nerina in 'n baie spannende en opwindende eindstryd met 2-1 na ekstra speeltyd geklop.

Dié toernooi, wat deur Eendrag se tweedejaars gereël word, was baie suksesvol en het in 'n feestelike atmosfeer plaasgevind.

Mnr. Callie Albertyn, die hooforganiseerder, was baie tevrede met die verloop van die middag.

Die toekouers het die middag baie geniet en het hul spanne geesdriftig aangemoedig.

Vroeër die middag het die Hoër Meisieskool Bloemhof se trompoppies met 'n uitstekende vertoning tot die feestelike en sukses van die middag bygedra.

Aan die einde van die eerste ronde het lede van die Maties se mansgymnastiekspan en die Ikeys se damesgymnastiekspan die toekouers op 'n baie goeie vertoning trakteer.

Dit is duidelik dat baie moeite met die organisasie van die toernooi gedoen is.

Net voor die eindstryd, toe die spanning al hoog was, het twee mansspanne die dames gewys hoe dit gedoen móet word.

In die eindstryd het Benita Nieuwoudt van Nerina die eerste punte aangeteken, maar Huis ten

Bosch het nie lank daarna nie teruggeslaan.

Die telling was aan die einde van die speeltijd gelykop en ekstra tyd is toegelaat. Die eerste span wat toe punte sou aanteken, sou wen.

Na 'n verdere vyf minute spel was die telling nog steeds gelykop en was daar eers 'n rustyd.

Na die rustyd het Huis ten Bosch verbete aangeval en is hul moeite met 'n drie beloon. Die Huis ten Bossers se vreugde het geen perke geken nie.

Tydens die wedstryd was dit egter die ene spanning en konsentrasie en die skeidsregter was nie altyd gewild nie.

Mnre. Johan Blaauw en Riaan Gouws, twee bekende rugbyspelers, was die skeidsregters.

Huis ten Bosch het Huis Francie van Zyl en Nerina het Aristeia in die halfeindstryde uitgeskakel. Albei wedstryde is deur opwindende rugby gekenmerk.

Huis ten Bosch en Nerina het verlede jaar ook in die eindstryd gespeel.

Huis ten Bosch is vanjaar die eerste wenners van die Winston-wisseltrofee. Dié trofee sal voortaan elke jaar op die spel wees.

Die lede van die wenspan het ook elkeen 'n "sweater" van die borg ontvang.

Die kommentaar van die manlike toekouers het gewissel van "opwindend", "interessant", "sports" tot "ons sien te min been! Wys ons meer!"



Deelnemers aan Eendrag se Dames Touchrugby-toernooi wys hoe die ding gedoen word.

Foto: DEON SONNEKUS

Verkoopstoere

Dink voor jy toer

Deur MARIKA MOSTERT

IS jy een van dié studente vir wie daar altyd te veel maand oor is aan die einde van jou geld? Lees dan verder, want hier is die oplossing van jou probleem.

VERKOOPSTOERE! In Stellenbosch bied die maatskappye Duplex, Quadru, Joggels, Lecona Sport, Stelmark en Jorene verkoopstoere aan.

Quadru

Mnr. Kobus Smit, bestuurder van Quadru, verduidelik dat die topstrukture van hierdie organisasie deur studente gevul word en hulle kry byvoordele wat hierdie toere werklik die moeite werd maak.

Hy waarborg dat studente wat vir Quadru werk, onmiddelik hulle geld sal kry.

Quadru loods 'n hele aantal toere gedurende die Desember-vakansie en belangstellendes kan mnr. Smit by (021) 472022 bedags en saans by 79191 skakel.

Duplex

Mnre. Anton van Wyk en Maarten Henning, die bestuurders van Duplex, sê Duplex bied aan studente die geleentheid om geld "op 'n eerlike, hardwerkende manier te verdien".

Die produkte wat verkoop word is hoofsaaklik gebruiksartikels.

Duplex loods elke vakansie 'n hele paar toere dwarsoor die land.

Die maatskappy gee jaarlikse beurse aan hulle drie topverkopers.

Belangstellendes kan mnre. Anton van Wyk of Maarten Henning by 70240/1 kontak.

Stelmark

Dié maatskappy spits hom hoofsaaklik toe op die verkoop van

huishoudelike artikels. Die meeste van die produkte word van oorsee ingevoer.

Vir meer inligting kontak mnr. Willem Bekker by 79590 of mnr. Johan Stigling by 75592.

Joggels

Mnr. Joggie Prinsloo, eienaar van Joggels, sê dat die doel van hierdie maatskappy is om "maksimum wins vir almal wat betrokke is" na te streef.

Verlede jaar het Joggels 'n motor vir die student wat die meeste geld insamel uitgeloods, maar mnr. Prinsloo sal hierdie jaar hoofsaaklik die winste vir hoër kommissie aanwend.

Studente wat belangstel kan mnr. Prinsloo by 74094 of 4987 skakel.

Jorene

Mnr. Johan van der Bank, bestuurder van Jorene, sê sy maatskappy loods verkoopstoere dwarsoor die land.

Dié maatskappy poog om die pryse van sy produkte laer as winkelpyryse te hou, en die produkte word almal in Suid-Afrika vervaardig.

Belangstellendes moet uitkyk vir advertensies wat binne die volgende maand sal verskyn.

Lecona Sport

Mnr. Julius Lecouna, bestuurder van Lecona Sport, sê dat sy maatskappy hom toespits op die verkoop van sweetpakke en sportdrag wat deur Venetti vervaardig word.

Mnr. Lecouna stel dit baie duidelik dat mense wat verkoopstoere bloot wil "uitprobeer", nie uit sy verkoopstoere bevrediging sal kry nie.

Belangstellendes kan mnr. Julius Lecouna by 70240/1 kontak vir verdere inligting.

Indien jy besluit om op 'n verkoopstoer te gaan is dit raadsaam om eers die statistiekgeskiedenis van al hierdie maatskappye na te gaan, en te kyk watter produkte hulle aanbied en hoe die pryse vergelyk met soortgelyke produkte van dieselfde kwaliteit wat in die vrye mark verkrygbaar is.

Studente moet hulle nie laat deur hoë kommissieskale laat mislei nie – hulle moet eerder kyk wat die gemiddelde bereikbare kommissie is.

Dit sal voorkom dat "studente ingeloopt word met verkoopstoere", soos een van die studente wat al verskeie verkoopstoere vir verskillende maatskappye gedoen het, dit gestel het.

USKOR wil koshuise betrek

Deur CORLIA ERWEE

DIE grootste probleem waarmee die Universiteit van Stellenbosch se Klinieke-organisasie (USKOR) te kampe het, is dat baie studente onbewus van die presiese funksie daarvan is en derhalwe nie belangstel om betrokke te raak nie, sê die Karnavalvoorsitter, mnr. Robert Bricout.

Die wanopvatting bestaan onder sommige studente dat USKOR 'n "gee-maar-net"-organisasie is, terwyl hul hoofdoel eerder is om "mense te help om hulself te help".

Studente vanuit alle studierigtings kan 'n positiewe bydrae tot die organisasie lewer. Enige vorm van dienslewering, vanaf rugby-afrigting tot naaldwerk-klasse, kan nuttig gebruik word.

Alhoewel 1986 reeds gekenmerk is deur 'n meer positiewe studente-betrokkenheid by USKOR, is dit nog nie naastenby wat dit kan wees nie. USKOR se grootste bron van inkomste is Karnaval. Omdat die geld eintlik maar deur studente ingesamel word behoort die fondse deur studente aangewend te word, waar hulle dink behoeftes bestaan" het mnr. Pieter van Wyk, die besturende direkteur van USKOR gesê.

Studente op Stellenbosch is bevoorreg om oor 'n organisasie soos USKOR te beskik waar hulle kan "inskakel," het hy gesê.

Die gedagte om koshuise te betrek in projekte het onder studente op die USKOR-bestuur ontstaan.

Die bestuur van USKOR gaan só aangepas word dat koshuise meer direk met USKOR sal kan skakel.

Dit sal elke koshuis se HK-lid vir USKOR se taak wees om vas te stel hoeveel studente in die koshuis betrokke wil raak.

Nuwe projekte sal geïdentifiseer en aan koshuise uitgedeel word. Studente sal só meer moeite doen met projekte en verantwoordelikheid neem.

As verdere motivering word beplan om die beste USKOR-poging deur 'n koshuis as deel van hul karnavalpoging te laat tel vir die Smoegtrofee.

Dié nuwe bepaling sal vir die 1987/88 Karnaval geld, en word by die 1987 Mej. Matieland-kroningsbal geloods. Kontantpryse en 'n trofee is reeds beskikbaar.

Inligting oor USKOR se bedrywighede kan by mnr. Van Wyk in die USKOR-kantoor, mnr. Bricout in die Karnavalkantoor of mnr. Johan Engelbrecht in die SR-kantoor verkry word.

● Agtien vyfdejaar mediese studente werksaam by USKOR het die geleentheid gehad om vrywillig mediese dienste in hospitale in die landelike gebiede van die Transkei aan te vul.

Die doel van die toer was om die uitvoerbaarheid van groot groepe studente se funksionering in dié gebiede te toets en studente van Derde Wêreld-omstandighede en die behoeftes van sulke gemeenskappe bewus te maak.

Daar is gepoog om vriendelike kontak tussen die mense van die Transkei en USKOR daar te stel. Die studente is deur agt hospitale geakkommodeer en is op 'n vriendelike wyse ontvang. By een hospitaal is hulle met 'n tradisionele dans verwelkom.

Hulle is die geleentheid gebied om hulle aangeleerde vaardighede in die konsultasie van pasiënte, siektediagnoses en voorskrywing van medisyne toe te pas. 'n Konserwatiewe skatting van die hoeveelheid pasiënte wat deur die studente bygestaan is, was omtrent 6000.

Matietoerleier gesoek

AANSOEKE word nou ingewag vir die pos van Matietoerleier of -organiseerder vir Desember/Januarie 1987/88.

Belangstellendes moet aansoek met 'n volledige ondervindingslys voor 1 Februarie 1987 by die SR-kantoor inhandig. Aansoek moet in duplikaat ingevul word en moet aan die SR-lid vir Studentebelange, mnr. Francois Beukman, gerig wees.


Hierdie "opwindende" pos is volgens mnr. Beukman "vir iemand wat die wêreld wil sien" en ook ander Maties wil saamneem. Streke wat moontlik besoek gaan word, is Europa, Amerika of die Verre-Ooste.



WASSERY (DIE WASBALIE)
VOLLE DIENS OF SELFBEDIENING

VERGELYK ONS PRYSE!!
WAS R1,20 DROOGMAAK 50c

* GRATIS PARKERING (aorkant Mastertreeds)
BIRDSTRAAT 91 • TEL. 70326



OPPOSITE **The Dros** THE BRAAK
GELISENSIEERD

VIR DIE BESTE STEAK-PIZZA-PASTA IN DIE DORP

VOORSPOED MET JULLE EKSAMENS

KOM ONTSPAN BY DIE DROS NADAT JY GESWOT HET.

ONS IS OOP TOT 2 vm.

INTER-BROKKIES

Prof. kritiseer 'liberale' kampusse

DURBAN. – Prof. Jerry Coovadia van die Universiteit van Natal het onlangs op die kampus van die Universiteit van Kaapstad 'n striemende aanval op Engelstalige "liberale" universiteite geloods.

Prof. Coovadia het dié universiteite daarvan beskuldig dat hulle hulself laat beïnvloed deur die Regering se "apartheidsbeleid". Hy het gesê die kontras tussen die rustige atmosfeer in die universiteit-slokale en die onrus in die swart woonbuurte "beklem" hom.

Volgens hom is die mense in die woonbuurte besig om deur hulle lyding geskiedenis te maak. Hierdie gebeure word by universiteite slegs geïnterpreteer of selfs geïgnoreer.

Prof. Coovadia het gesê ongeag sekere veranderinge is universiteite die uitvloeisel van kolonialisme en apartheid. Hy het gesê indien die akademiese gemeenskap hulle programme met die stryd van die mense integreer, hulle "bakens van hoop" vir demokrasie kan word.

Prof. Coovadia is verbonde aan die Universiteit van Natal se pediatriese en kindersorgafdeling en is 'n uitvoerende lid van die United Democratic Front.

Suid-Afrika onwelkom by kongres

GRAHAMSTAD. – Aiesec Suid-Afrika is vanjaar deur die Sweedse regering verbied om Aiesec Internasionaal se kongres by te woon. Aiesec is 'n internasionale vereniging vir handelstudente.

Me. Lindsey Sherman, onder-voorsitter van Aiesec se nuwe komitee in Grahamstad, het gesê die feit dat Suid-Afrika nie die kongres kon bywoon nie, baie "demotiverend" was.

Volgens me. Sherman is een van die gevolge dat maatskappye toenemend gekant daarteen raak om Suid-Afrikaanse uitruilstudente te aanvaar. Dit is volgens haar ook moeilik om buitelandse uitruilstudente vir Suid-Afrika te kry. Aiesec Suid-Afrika het na bewering byna geen terugvoering van die kongres gekry nie.

Me. Sherman het gesê Aiesec Suid-Afrika sal nie deur sanksies geraak word nie. Volgens haar kan daar moontlik druk op Aiesec Internasionaal geplaas word om Aiesec Suid-Afrika te dwing om te disaffilieer.

Technikons kan sanksies verbreek

JOHANNESBURG. – Mnr. Piet Claase, Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad, het gesê Suid-Afrika is die wêreld se "knapste" sanksiebreker. Suid-Afrika sal egter tegnologie agter raak indien teknikons nie die voortou neem met die opleiding van beroepslui nie, het hy gesê.

Mnr. Claase het as spreker opgetree tydens die opening van 'n nuwe gebou op die kampus van die Doornfontein Technikon.

Volgens mnr. Claase hou die verbreking van sanksies groot uitdagings vir tegniese opleidingsentrums in. Hy het gesê goed opgeleide tegnoloë kan 30 persent van die werk, wat tans deur ingenieurs verrig word, doen.

Tuks steeds in ASB, maar Kovsies is uit

Deur JACO WOLMARANS

DRIE Studenterrade, dié van die Universiteit van Pretoria, Potchefstroomse Universiteit en die Goudstadse Onderwyskollege het weer by die ASB geaffilieer ná die organisasie deur sy regtervleuel oorgeneem is.

Volgens die president van die ASB, mnr. Bertus Nel, het hy " 'n mondelinge ooreenkoms met die meeste van die ander" universiteite en kolleges se studenterrade dat hulle sal affilieer.

Die Tukkie het in 'n referendum, waarin agtien persent van die 20 000 studente gestem het, besluit om te heraffilieer. Studente het die keuse gehad om te affilieer, onmiddellik te disaffilieer of om eers te sien watter rigting die ASB gaan inslaan.


Positief

Die SR-voorsitter van Tukkie, mnr. Buurman Botha, het gesê hy is verbaas oor wat hy as die "groot" stempersentasie beskryf het. "Die Bond is nie 'n organisasie wat die deursneestudent raak nie, maar eerder vir die kultuurouens, politieke debatteerders en die leierskorps op kampus. Om soveel mense te kry om te stem, was nogal 'n prestasie," het hy gesê.

Mnr. Nel meen Tuks se besluit om te steeds in die ASB te bly gaan die ander universiteite "positief" beïnvloed.

Mnr. Botha skryf Pretoria se invloed aan die grootte van die kampus toe. Tukkie het gewoonlik die meeste afgevaardigdes na ASB-konferensies en het daarom die meeste stemme.

Mnr. Kobus van Lochrenberg, SR-voorsitter van Kovsies, het 'n mosie van disaffilasie by die Stu-



Mnr. BERTUS NEL

denteraad ingedien. Die mosie is met 'n meerderheid van stemme aanvaar.

Hoewel die Studenterraad van die Vaaldriehoekskampus van Potchefstroomse Universiteit eenparig besluit het om nie te affilieer nie, is mnr. Nel vol moed dat hulle wel sal aanbly.

Die redes vir die besluit om nie te affilieer nie was "interne strukturele gespletenheid, die belangeloosheid en gebrekkige lewenskragtigheid" binne die ASB. Volgens die SR-voorsitter van die Vaalpukke, mnr. Pieter Nel, veroorsaak affilasie vir dié kampus probleme omdat die organisasie primêr 'n Afrikaanse kultuurorganisasie is, en baie lede van sy kampus Engelssprekend is.

Volgens mnr. Bertus Nel is hierdie "probleem" intussen uit die weg geruim, en sal die Vaalpukke affilieer.

Zimbabwe-studente gee vir solidariteitsfonds

HARARE. – 'n Bedrag van sowat R6 900 is deur studente aan die Universiteit van Zimbabwe tot die "solidariteitsfonds" vir Suid-Afrikaanse swartmense bygedra. Die doel van hierdie fonds is om swart bevrydingsorganisasies in hul "stryd teen apartheid" by te staan.

Die solidariteitsfonds is op 16 Junie deur die Eerste Minister van Zimbabwe, mnr. Robert Mugabe, gestig. Mnr. Mugabe het 2 000 Zimbabweese dollar tot die fonds bygedra. Hy het op dié ge-

leentheid gesê "the boers had deliberately decided to calously murder blacks to further their own objective of apartheid."

'n Bedrag van 5 001,40 Zimbabweese dollar is deur lede van die studenterraad aan mnr. Mugabe oorhandig. Volgens die SR-voorsitter, mnr. Innocent Kadungure, het studente een middagete opgeoffer om só die geld in te samel. Die studente glo dat apartheid beëindig moet word en 'n swart meerderheidsregering in Suid-Afrika aan bewind moet kom, het mnr. Kadungure gesê.

U.S.K.O.R.

(Universiteit van Stellenbosch se Klinieke Organisasie)



Wat is USKOR? 'n Studente-organisasie deur studente bedryf om gemeenskapswerk onder minderbevoorregtes ongeag ras, taal of geloof te verrig.

Watter dienste bied USKOR aan? Mediese-, tandheelkunde-, maatskaplike- en regshulpdienste. Sportafrigtingsklinieke, ekstra Wiskunde-klasse, landbou- en ingenieursprojekte, ens.

Waar kom USKOR se fondse vandaan? Hoofsaaklik die Karnavalpoging. Daar is egter ook ander donasies en 'n staatsubsidie.

Wie kan betrokke raak? Enige student wat bereid is om minderbevoorregtes te help om hulself te help.

Wie moet ek kontak? Mnr. Pieter van Wyk by die USKOR-kantoor, Victoriastraat 39 of by tel nrs. 70245, 70255 of 70293.

Daar is tans 'n dringende behoefte aan studente om ekstra **WISKUNDE** klasse te gee.

U.S.K.O.R. – 'n Studente 'SELF-HELP' Organisasie

Woelinge by UK

Deur GAWIE BOTMA

KAAPSTAD. – Geheimsinnigheid heers op die kampus van die Universiteit van Kaapstad oor 'n voorval waarin stapels buitebande by die ingange van die universiteit aan die brand gesteeek is. In 'n tweede voorval is 'n beeld van pres. P.W. Botha met 'n halssnoer "verbrand".

Sewe buitebande is op Maandag, 22 September omstreeks 7.30 vm. by die suidelike ingang van die universiteit aan die brand gesteeek. Verkeer is tydelik ontwrig terwyl die kampuspolisie die vlamme gebly het. Die volgende oggend is nege buitebande by die noordelike ingang aan die brand gesteeek.

Klag

'n Woordvoerder van die universiteit het by navraag gesê niemand het verantwoordelikheid vir die twee voorvalle aanvaar nie. Volgens die woordvoerder is die Polisie besig om die saak te ondersoek.

Die Polisie by Rondebosch het ontken dat hulle die voorval ondersoek. Volgens hulle is geen klag by die Polisie kantoor ingedien nie.

Die voorsitter van die Moderate Students Movement by die Universiteit van Kaapstad, mnr. Lance Terry, het gesê "niemand op die kampus" weet wie vir die voorvalle verantwoordelik was nie. Volgens mnr. Terry was die doel van hierdie voorvalle om belangstelling te wek vir 'n massa-byeenkoms wat twee dae later op die kampus gehou is.

Mnr. Terry het gesê 'n poging is

aangewend om studente so ver te kry om klasse te boikot. Die boikot het volgens hom nie baie steun geniet nie, en net sowat dertig studente het die byeenkoms voor Jameson bygewoon. Tydens dié byeenkoms is 'n beeld van pres. P.W. Botha met 'n buiteband om die nek "verbrand", het mnr. Terry gesê.

Woede

Volgens 'n woordvoerder van die universiteit het 'n byeenkoms plaasgevind waartydens me. Carla Sutherland, SR-voorsitter, sowat 1 000 studente oor onlangse gesprekke met die ANC waaraan sy deelgeneem het, toegesprek het. Die woordvoerder wou nie kommentaar lewer oor die voorval waartydens die beeld van pres. Botha na bewering "verbrand" is nie.

Me. Sutherland het by navraag erken dat 'n beeld van pres. P.W. Botha verbrand is. Sy het gesê dit is 'n uitdrukking van die woede en frustrasie wat daagliks deur baie studente ervaar word.

Pres. Botha is volgens me. Sutherland verantwoordelik vir die huidige noodtoestand, wat deur baie mense gesien word as die oorsaak vir die brutale onderdrukking van die meerderheid van Suid-Afrikaners.

"In my gemeenskap is daar geen troepe in die strate nie en nie een van my familieledes is in aanhouding nie. Tog is dit nie te sê dat blanke studente nie ook uitdrukking aan woede en frustrasie hieroor wil gee nie," het me. Sutherland gesê.

Volgens haar moet die voorval in die "breër konteks van 'n geweldadige gemeenskap" gesien word.

Magte betree swart kampusse

Deur TANJA HICHERT

'n GESPANNE toestand heers op talle swart kampusse nadat streng maatreëls deur die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte en dié van die nasionale state op van dié kampusse ingestel is. Die Matie het die situasie ondersoek.

Universiteit van die Noorde (Turffloep) – Noord-Transvaal

Studente moet volgens 'n Turffloep-personeel wat anoniem wil bly elke oggend om sesuur by die universiteitsaal aan die Veiligheidsmagte rapporteer.

Die studente mag volgens haar nie bedags die koshuise binnegaan nie. Die personeel het gesê studente wat in die koshuise betrap word, "oortree". Hulle moet na bewering 'n boete van R50 betaal. Indien dit vir die studente onmoontlik is om dié boete te betaal, word hulle na die Mankwent-Polisiekantoor geneem en volgens haar vir 50 dae aangehou.

Die Turffloep-kampus is volgens verskeie bronne "feitlik onder militêre beheer". Daar is na bewering twee "kampe" wat beman word deur die SAW, die Suid-Afrikaanse Polisie en die Lebowa Polisie. Volgens die personeel is daar "meer Veiligheidsmagte as

studente op die kampus".

Die Turffloep-administrasie se skakelbeampte het gesê sy mag ingevolge die noodregulasies nie bekend maak of daar veiligheidsmagte op die kampus is nie.

Fort Hare – Oos-Kaap.

Meer as helfte van Fort Hare se tweeduisend studente het die kampus verlaat. Altesaam 1 100 studente het na bewering hul besittings geneem en alle hoop laat vaar om hul akademiese jaar te voltooi. Volgens studente is die rede die Ciskeise Veiligheidsmagte wat twee weke gelede die kampus betree het om die maandlange klasboikot te beëindig.

Die boikot het begin nadat die universiteitsowerhede nie 'n Geskiedenis-toets wou herskeduleer nie.

Verskeie studente het die toets misgeloop omdat hulle die begrafnis van 'n beweerde ANC-terroris bygewoon het. Die studenteraad het 'n monstervergadering belê, en die studente het besluit om klasse te boikot. Dié boikot het op 18 Augustus begin.

Die studente het ook gevra dat die betrokke Geskiedenis-dosent afgedank word. Die dosent word daarvan beskuldig dat hy gewapen na klasse gekom het, en studente onregverdiglik gedruip het.

Die SR het 'n brief in dié verband aan die rektor, prof. J.A. Lamprecht, gestuur. Op 2 September het die Polisie 'n klopjag op die SR-kantoor uitgevoer, en volgens 'n student "elke stukkie papier gekonfiskeer".

Die SR is twee weke later deur die rektor afgedank en hy het gewaarsku dat "disiplinêre maatreëls" teen hulle ingestel gaan word. Die SR was die eerste sedert 1959.

Studente sê ongeveer 300 lede van die Polisie en Weermag het die kampus met Casspirs betree en omring.

Alle mansstudente moes na die "Great Hall" gaan en vrouestudente na 'n fakulteitsgebou. Volgens 'n student het 'n adjudant-offisier hulle toegesprek in die teenwoordigheid van 'n hele aantal soldate. Daar is na bewering aan die studente gesê die Weermag is in beheer van die kampus, en dat hulle na hulle klasse moet terugkeer. Volgens dié student mag mans- en vrouestudente me-

kaar nie in die koshuise besoek nie.

Universiteit van Bophuthatswana – Mmbatho

Koshuise aan dié universiteit is verlede week gesluit ná drie dae van klasboikotte. Die studente het besluit om te boikot omdat 'n paar studente en personeellede verlede jaar geskors is en nie her-toegelaa is nie. Dit is nie duidelik waarom hulle geskors is nie.

Die studente eis na bewering ook dat 'n senior administrasiebeampte afgedank moet word as gevolg van sy "betrokkenheid by die tuisland-regering om die studente verlede jaar te skors".

Daar is tans geen teenwoordigheid van Veiligheidsmagte op die kampus nie, en die klasboikot het Maandag geëindig.

Universiteit van Wes-Kaapland – Bellville

UWK se SR-voorsitter, mnr. Leslie Maasdorp, is in aanhouding saam met sewe ander studente, onder wie vier SR-lede. Sedert die begin van die tweede semester is dertig studente in aanhouding. Om dié rede het UWK-studente nog nie 'n nuwe SR gekies nie. Die SR-lede vir die 86/87-termyn sal waarskynlik vroeg aanstaande jaar verkies word.

Drie klopjagte is na bewering deur die Polisie op die SR-kantoor uitgevoer. Daar is tans geen Veiligheidsmagte op die kampus nie. Klasboikotte het tydens die afkondiging van die noodtoestand plaasgevind, maar studente berei hulle nou vir die eksamen voor en klasse word bygewoon.

Die Universiteit van Durban-Westville – Durban

Die veldtog wat deur die SR geloods is om die Rektor, Prof. Jaap Greyling, se bedanking te eis, gaan voort. Die SR is besig om inligting te versamel wat sal "bewys dat die Rektor nie in die belang van studente opgetree het nie". Tans is daar geen "openlike" teenwoordigheid van Veiligheidsmagte nie, maar volgens 'n student word daar vermoed dat daar "spioene" op die kampus is.

Medunsa – Pretoria

'n Klasboikot van een dag is gehou in simpatie met die werkers wat gesterf het in die Kinrossmyramp. Geen voorvalle van intimidasie kom voor nie, en daar is geen Veiligheidsmagte op die kampus nie. Die SR vir die nuwe termyn is reeds aangewys.

LP vra vir 'n ondersoek na geweld op Wits-kampus

Deur JACO STRAUSS

JOHANNESBURG. – Die University Freedom of Speech Association aan die Universiteit van die Witwatersrand het gevra vir 'n ondersoek na onlangse gebeure op dié kampus.

Dit spruit uit 'n voorval op 28 Augustus toe die president van die Nasionale Studente Federasie (NSF), mnr. Philip Powell, op die kampus aangerand is. Studente van die Black Students Movement

viserektor van Wits, prof. Karl Tober, en die kommissaris van Polisie oor die aangeleentheid geskryf. Aan die hand van mnr. Van Rensburg se brief het mnr. John Lambson, voorsitter van dié vereniging en oud-voorsitter van die Transvaal Teachers' Association, gesê mnr. Van Rensburg se benadering was 'n "groot stap vorentoe" in vergelyking met dié van me. Suzman.

Me. Suzman het die vereniging se pleidooi verwerp. Sy het gesê sy is oortuig daarvan dat die universiteitsowerhede in staat is om enige dissiplinêre probleme met studente op te los.

Mnr. Lambson het gesê die Student Moderate Alliance (SMA), waarvan mnr. Powell die president is, het duidelike fotografiese be-

wys van die aanval op mnr. Powell. Selfs die gesigte van die "geweldenaars" kan volgens hom herken word.

Na aanleiding van me. Suzman se vertroue in die sekuriteitspersoneel van die universiteit het mnr. Lambson gesê prof. Tober erken dat sekuriteitspersoneel ten tyde van die aanval op mnr. Powell teenwoordig was. Dit kan volgens hom duidelik op die foto's gesien word.

"Hulle het nie 'n vinger verroer om die tragedie te probeer stop nie," het mnr. Lambson gesê. Hulle het volgens hom mnr. Powell, 'n student van Durban, gevra om sy studentekaart te toon. Hy is nie in besit van 'n Wits-studentekaart nie, en is beskuldig dat hy 'n informant van die Polisie is.



Me. HELEN SUZMAN

het mnr. Powell na bewering geskop, geslaan en met stukke seimentblokke gegooi.

Pleidooi

Twee LP's van die Progressiewe Federale Party, mnr. Horace van Rensburg (Bryanston) en me. Helen Suzman (Houghton), het verskillende opinies oor 'n moontlike ondersoek.

Mnr. Van Rensburg, PFP-segman oor opvoeding, het in 'n brief aan die Freedom of Speech Association gesê hy het aan beide die

'Moffies' uitgestoot

PRETORIA. – Die "moffie-polemiek" op die kampus van die Universiteit van Pretoria het daartoe gelei dat "normale" mans en meisies mekaar die hare in gevlieg het.

Dié onderonsie het plaasgevind ten tyde van 'n byeenkoms van die "Malkas-Praatkas", waar Tukkies die geleentheid kry om hul vermoë as seepkiesredenaars te toon.

Die polemiek het ontstaan nadat daar in 'n brief in Die Perdeby, studentekoerant van die Universiteit van Pretoria, beweer is dat daar minstens 'n duisend "gays" op die kampus is.

Mnr. Lawrence van Zuidam het in 'n "emosionele" toespraak gesê hy weier om te aanvaar dat daar só baie "moffies" op kampus is.

Volgens mnr. Van Zuidam is die meeste Tukkies "normaal" en is dit hul taak "om die moffies met krag uit die samelewing te stoot". Hy het "gay" Tukkies voor die keuse gestel: "Of jy verdwyn en stig jou eie kolonie ver van Tuks af, of jy word 'n normale mens en hou op om Tuks se naam te beswadder."

'n Vrouestudent het nie met mnr. Van Zuidam saamgestem nie. Sy het gesê sy wil "opkom vir moffies omdat hulle die beste vriende is wat 'n meisie kan hê", omdat hulle nie hulself altyd moet "bewys" nie. "As normale mans se gesels oor rugby en motors opdroog, wil hulle net aan jou vat," het sy gesê.

Volgens haar is gewone mans "orrait" maar "moffies" moet nie afgeskryf word nie. Sy het heelwat steun van ander vrouestudente ontvang.

Mnr. Van Zuidam het heftig beswaar gemaak en gewys op "praktiese implikasies" soos "Aids-kieme" op kampus.

Die vrouestudente het onverwagte steun van 'n paar mans vir hul standpunte gekry. Mnr. Gerrie Dreyer het gesê "hoe meer moffies op die kampus, hoe meer "girls" is daar vir ons!"



PRYS- FEEES



Nou R 45 PRICE PRYS R 69/95 SIZE GROOTTE CODE KODE 6128 STYLE DRESSES STYL DATE	Nou 25.00 PRICE PRYS 49.95 SIZE GROOTTE L CODE KODE 6126 STYLE PAANTS STYL R. SASSOON	Nou R20.00 PRICE PRYS R39.95 SIZE GROOTTE M CODE KODE 6127 STYLE TOPJ STYL Roy Curitz	Nou R20 PRICE PRYS R39.95 SIZE GROOTTE S CODE KODE STYLE MANS HEMDE STYL BAO BOYS
--	--	--	--

**10 OKTOBER —
26 OKTOBER**

ANDMAR-GEBOU 2904

TECHNICS SPECIAL SYSTEM

SAZ 50 RECEIVER

AMP/TUNER FM/AM 25 Watt per Channel

RSB 10 TAPE DECK DOLBY "B"

One Touch Rec: Cue and Review

SLDB 20 BELT DRIVEN TURNTABLE

DC SERVO BELT DRIVE

SB 2105 2 WAY SPEAKERS — 40 Watt

R1499,00

+ AVB

Stellenbosch Furniture Co. (Pty) Ltd.
 Meubel Maatskappij (Edms) Bpk.

cnr Andringa & Church Streets • ☎ (02231) 73004/5/6



Referendum oor oop koshuise

Deur **MARY-ANNE SCHREUDER**

'n REFERENDUM sal aanstaande jaar onder die Studente-unie gehou word om te bepaal of mans- en vrouestudente in mekaar se koshuiskamers toegelaat moet word, het die Studenteraad en die Primkomitee gisteraand eenparig op 'n Kampusberaad besluit.

Dit volg ná ontevredenheid onder koshuistudente oor die vise-Rektor, prof. Roux de Villiers, se besluit dat die universiteitsreël wat kamerbesoeke deur lede van die teenoorgestelde geslag verbied, streng toegepas sal word.

In 'n vraelys wat na meer as 5 000 ouers van studente gestuur is, het 82 persent te kenne gegee dat hulle teen kamerbesoeke gekant is.

Volgens die besluit op die kampusberaad sal 'n "gedifferensieerde stembrief" in die referendum gebruik word. Koshuistudente sowel as privaatstudente sal kan stem. Die datum van die referendum sal deur die SR- sekretaris, mnr. Nickey Smit, bepaal word.

Intensiewe samesprekings het die afgelope tyd tussen die vise-Rektorskantoor en die SR, sowel as die prims van verskeie koshuise, plaasgevind.

Volgens prof. De Villiers is die kwessie reeds vanaf 1985 verskeie kere deur die Primkomitee be-

sprek. Die aangeleentheid het ook "ernstige oorweging deur die Universiteitsowerhede" geniet. Hy het daarop gewys dat die voorendervoorsitters van die Primkomitee insae in die brief wat aan die ouers gestuur is, gehad het. Verlede week is 'n geslote vergadering ook gehou waarop prof. De Villiers die uitslag met die HK-lede van al die koshuise bespreek het. Na verneem word was net 100 ouers ten gunste van oopstelling.

Op 'n vergadering met prof. De Villiers het die SR voorgestel dat besoektye oor Sondagmiddae as 'n alternatief oorweeg moet word.

Oor die verdere toepassing van die reël het die voorsitter van die Primkomitee, mnr. Thys Wentzel, ná 'n vergadering van die komitee gesê die prims het besluit "om hulle by die reëls van die Universiteit neer te lê totdat "beter alternatiewe" voorgelê kan word.

Prims van dameskoshuise soos me. Lilene van der Merwe van Huis de Villiers, me. Marguerite van Wyk van Lydia het almal "geen probleme" met wedersydse kamerbesoeke nie. Mnr. Neil Stofberg, prim van Eendrag het dit beklemtoon dat dit 'n universiteitsreël is, en dat sy HK "geen keuse het as om dit uit te voer nie"

Volgens mnr. Thys Wentzel, wat die prim van Helshoogte is, is daar nie voldoende geriewe vir

meisies by manskoshuise nie. Prof. De Villiers het gesê dat moontlike verbeterings aan sitkamers op "klein skaal" oorweeg kan word. Huis Marais is 'n koshuis waar die sitkamers onlangs verbeterings ondergaan het.

In Simonsberg, waar die HK besluit het om self verantwoordelikheid vir vroue in die kamers te aanvaar, is daar Dinsdagaand op 'n spesiale huisvergadering besluit om met die universiteitsreël akkoord te gaan. Dit is bekend dat die prim, mnr. Andrew Breitenbach reeds verskeie ontmoetings met prof. Roux de Villiers oor Simonsberg se posisie gehad het. Hy wou geen kommentaar oor die aangeleentheid lewer nie.

Volgens mnr. Jacques van Zuydam, 'n inwoner van Helshoogte, is dit "in enige normale gemeenskap absurd om op geslagslyne mense te verbied om mekaar te sien soos dit hulle pas.

Mnr. Piet le Roux van Wilgenhof het gesê baie min manskoshuise het voldoende fasiliteite om vroulike kuisergaste te akkomodeer. "Daar is dus geen alternatiewe as om in die kamers te kuier nie," het hy gesê.

Mnr. Gert Rautenbach van Simonsberg voel die aangeleentheid is "belaglik." Volgens hom het die reëling in Simonsberg reeds bewys dat kamerbesoeke wel kan werk.



Hierdie ontwerp op 'n T-hemp wat van aanstaande week te koop aangebied gaan word, weerspieël koshuistudente se gevoel oor 'n verbod op kamerbesoeke tussen mans- en vrouestudente.

Meer duidelikheid oor US-front

VERENIGINGS wat by die front teen apartheid op Stellenbosch affilieer, sal volkome outonoom wees en nie deur die besluite van die front gebind wees nie., is Maandag op die stigtingsvergadering besluit.

Afgevaardigdes wat belang stel om te affilieer, het byeen gekom om die struktuur van die organisasie, wat waarskynlik as die Verenigde Stellenbosch Front bekend sal staan, te bespreek.

Die Front sal nie probeer om 'n "politieke krag" te wees nie, maar sal poog om geaffilieerde organisasies se aktiwiteite te koördineer.

Volgens die stigterslede, mnr. Phillip Verster, mnr. Johannes Roberts en me. Margot Lochrenberg, is daar 'n behoefte op die kampus vir die koördinering van groepe wat teen apartheid "in enige vorm" gekant is.

Die Front sal 'n advieskomitee, wat uit twee lede van elke geaffilieerde organisasie bestaan, en uitvoerende komitee van tien lede hê. Afgevaardigdes van organisasies by Maandag se vergadering was mnr. Betram Fischer van die Vereniging van Swart Stellenbosse Studente, mnr. Christo Nel, die voorsitter van die ECC, mnr. Adrian Louw, die voorsitter van Stellenbosch Jong Progressiewe,

mnr. Jaco Malan, die voorsitter van NUSAS, eerw. John Green van Ansoc en mnr. Johann Wege, 'n oud SR-lid, bygewoon. Afgevaardigdes van SAAK, USAT en Aksie Sosiale Geregtigheid was ook teenwoordig.

Oor die betrokkenheid van die ECC het afgevaardigdes gevoel dat die "vals indruk" dat die ECC as te radikaal beskou word, gewek sal word as die organisasie nie van die begin deel van die Front is nie. Indien die ECC nie betrokke is nie, sal dit wees omdat sy aktiwiteite deur die Universiteitsraad aan bande gelê is.

In hierdie stadium lyk dit nie of die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch (ASVS), die Staatmakers of die US-Debatsvereniging belang stel om te affilieer nie.

Die voorsitter van die Populêre Studente Alliansie, mnr. Nicholas Myburgh, het sy teleurstelling uitgespreek dat die PSA nog nie genader is om deel van die Front te wees nie.

Afgevaardigdes van die verskillende organisasies wat by die Front wil affilieer, kom volgende Maandagaand in die Regter Van Zijl-saal byeen vir terugvoering. Daar sal dan waarskynlik op 'n naam vir die Front besluit word.

Affiliasie van BSOS by Azaso oorweeg

DIE Vereniging van Swart Stellenbosse Studente (BSOS) oorweeg affiliasie by Azaso.

Mnr. Willie Nel, huidige voorsitter van die BSOS, het gesê hulle gaan hierdie week die implikasies van affiliasie bespreek. Volgens mnr. Jaco Malan, voorsitter van Nusas, is die affiliasie 'n "baie goeie idee" en sal dit die BSOS in staat stel om op nasionale vlak met studente te skakel.

Mnr. Malan het gesê baie mense sal die BSOS as 'n "eksklusiewe swart organisasie" sien. Volgens hom is daar egter baie blanke organisasies "waarin swartes ongemaklik voel".

Mnr. Nicholas Myburgh, voorsitter van die PSA, het gesê hy het geen beswaar teen die bestaan van BSOS nie, maar hy hoop nie dit neem "dieselfde geweldadige en radikale kleur" aan as soortgelyke organisasies op Wits en Ikeys nie.

Volgens mnr. Terence Visagie, 'n BA-regte student, is 'n organisasie soos die BSOS "baie goed" aangesien dit as 'n "direkte mondstuk" vir die swart studente van Stellenbosch kan dien.

DIE Instituut vir Sowjetstudie, wat enig in sy soort in Suid-Afrika is, is verlede week aan die Universiteit van Stellenbosch gestig. Dit vervang die Instituut vir die Studie van Marxisme wat ook op Stellenbosch gesetel is.

USSR-optrede hiër bestudeer

Volgens die direkteur van die Instituut, dr. P.R. Nel, vind dié verandering plaas omdat die werksaamhede van die Instituut vir die Studie van Marxisme "te wyd" geword het.

Die Instituut sal verskeie projekte aanpak waarin die USSR se beleid en betrokkenheid in Afrika

"nagevors en evalueer" sal word. Volgens hom sal die klem op die Sowjet-Unie se beleid in Suid-Afrika wees.

Dr. Nel het gesê die nuwe instituut beoog om vanaf 1987 'n jaarblad uit te gee waarin onder meer

die jaar se Sowjet Revue's opneem sal word, en ook 'n oorsig van die USSR se bedrywighede van die afgelope jaar gegee sal word.

Die Instituut is die enigste liggaam in Suid-Afrika wat ingeskryf is op die belangrikste Sowjet-publikasies, soos Pravda en Izwestia.

PSA veroordeel verbod

DIE bestuur van die Populêre Studente Alliansie het die Regering se verbod op die uitsaai van nuusbuletins deur M-Net, die nuwe betaaltelevisiediens, verwerp.

Dié verbod is nie "versoenbaar met die beginsels van vrye mededinging nie," verklaar die bestuur.

Die PSA glo die feit dat M-Net deur beide Afrikaanse en Engelse persgroepe besit word, sal bydra tot objektiewe nuusberiggewing deur die kanaal.

Die PSA doen in die verklaring 'n beroep op die Regering "om sy standpunt in die openbare belang in heroorweging te neem".


STUDENTE se vandalisme kos die Universiteit en studente jaarliks 'n groot klomp geld.

Dit is veral die toilette in die Neelsie wat deurloop onder vandale. Dié foto is van een van die manstoilette daar.

Volgens mnr. Jan Treurnicht, bestuurder van die LSS, word daar jaarliks "honderde rande" aan die herstel van skade as gevolg van vandalisme in die Neelsie spandeer.

Hy wys daarop dat die fondse daarvoor uit verkope in die Neelsie verhaal word en dat studente self onder die vandalisme ly.

Die koffieprys is vroeër vanjaar van 35 na 40 sent verhoog om onkoste te help delg.



Nuusflitse

Jeugkrag op Stellenbosch gestig

JEUGKRAG Suid-Afrika, 'n nuwe politieke organisasie vir "gematigde" jong Suid-Afrikaners, stig volgende Woensdag 'n tak op Stellenbosch.

Dié organisasie, wat vroeër vanjaar gestig is, beoog om as meningvormer in die Suid-Afrikaanse gemeenskap op te tree en probeer om groepsverhoudinge deur gesprekke en ander projekte te bevorder. 'n Oud-SR-voorsitter van Stellenbosch, mnr. Le Roux van der Westhuizen, dien op Jeugkrag se nasionale bestuur.

SASTS weens "misverstand" Neelsie verbied

'n ADMINISTRATIEWE misverstand het daartoe gelei dat die South African Students Travelling Service (SASTS) tydelik verbied is om in die Neelsie te funksioneer. Mnr. Jan Treurnicht, bestuurder van die LSS, het SASTS toestemming verleen om elke Dinsdag in die Neelsie te werk, het mnr. Dave Waddilove, vorige voorsitter van Nusas, gesê. SASTS is deel van Nusas.

Terwyl mnr. Treurnicht egter afwesig was, is die agent van SASTS, me. Susan Harris, gevra om haar "haar goed te pak en te loop". Me. Harris het geweier om te gaan. Kampusbeheer het opgedaag en haar volgens mnr. Waddilove "baie onbeskof" behandel.

Die stigtingsvergadering sal in die Sanlam 300-saal van die Studentesentrum plaasvind. Die spreker is mnr. Marthinus van Schalkwyk, die hoofpresident en stigter van Jeugkrag. Mnr. Van Schalkwyk is tans 'n junior dosent in staatsleer aan die US.

Volgens hom moet Jeugkrag se belange op twee vlakke gesien word. Daar moet "berekende optrede" teen persone wat met rewolusionêre optrede demokrasie wil vernietig wees, terwyl 'n "allesomvattende hervormingsproses" ook Jeugkrag se doel is.

Die volgende twee Dinsdae het dieselfde gebeur.

Mnr. Johan Troskie het die aangeleentheid met mnr. Douglas Davies, skakelbeampte van die Rektor, gaan bespreek.

Volgens me. Zenda Barnard, SR-lid vir Verenigings, is SASTS binne die Neelsie verbied omdat "geen vereniging binne die Neelsie mag uitstal nie". Sy het gesê die saak sal op die volgende vergadering van die bestuurkomitee van die LSS bespreek word.

Mnr. Jaco Malan, voorsitter van NUSAS, het gesê die hele aangeleentheid is "net nog 'n voorbeeld" van hoe Administrasie "dinge vir hulle probeer moeilik maak".

Konserwatiewes hou nou Stellenbosch se toekoms

Deur
DANETTE BREYTENBACH

DIE Konserwatiewe Party sal 'n rewolusie in Suid-Afrika "met geweld teenstaan", het dr. Andries Treurnicht verlede week voor 800 mense op Stellenbosch gesê.

Volgens hom sal die KP hom nie deur 'n "bloedbad" laat intimideer nie. Hy sal voorgaan met die stryd om die "herstel van die blankes se toekoms" in Suid-Afrika.

"Die toekoms van Stellenbosch is nou die Konserwatiewe Party s'n," het dr. Treurnicht aan die vergadering gesê.

Volgens hom is Stellenbosch nie meer "op die woestynpad" nie. Hy meen die KP is besig om "met geweld op Stellenbosch te kom".

"Hier is 'n eerlike en regverdige gemeenskap wat lief is vir sy volk en nie nasionale selfmoord wil pleeg nie," het hy gesê. Volgens hom wil Stellenbosers ook nie "die abdikasie van die blankes in Suid-Afrika sien nie".

Dr. Treurnicht meen daar het niks gekom van die "vrede wat vir Suid-Afrika in die 1983-referendum belowe is nie". Hy het gewys op die twee noodtoestande wat sedertdien uitgeroep is.

Die blankes verteenwoordig die grootste groep in die "huidige oorgangsisteem", en sou ander rasse-groepe toegelaat word tot die Regering, sou dit ten koste van ander groepe se regte en 'n "politieke lawwigheid" wees. Die KP soek



Dr. ANDRIES TREURNICHT

volgens hom regverdigheid vir die verskillende groepe binne Suid-Afrika, maar nie in 'n veelrassige regering nie.

Volgens dr. Treurnicht het magsdeling in Suid-Afrika "tot die verlies van mag" gelei. Die KP erken die gebiede waar nie-blankes nou woon, en glo dat vryheid vir almal in die skeiding van rasse lê. Hy meen dit sal tot "politieke en ekonomiese stabiliteit" in Suid-Afrika lei.

Dr. Treurnicht glo dat afsonderlike ontwikkeling suksesvol sal wees. "Magsdeling werk nie en bots met die Afrikaner-beginsel," het hy gesê. Hy het beklemtoon "dat die Afrikaner nie Suid-Afrika sal verloor nie".

"Nasionalisme kan verkeerd loop, maar nie as dit deel van 'n volk en deel van 'n volk se liefde vir sy eie is nie," het hy gesê.

Oor buitelandse druk het dr. Treurnicht gesê die VSA sien dat Suid-Afrika "besig is om homself uit sy bestaan te hervorm". Volgens hom kan Suid-Afrika sonder "vriende" soos pres. Reagan klaarkom.

Dr. Treurnicht sê pres. Botha is soos " 'n trein wat 'n blaaskans soek". Pres. Botha se hervormingsplan plaas hom onder druk van sy eie mense en die buiteland.

Volgens dr. Treurnicht wil hy nie die steun van die blankes verloor nie, maar "in beginsel het hy die blankes reeds uitverkoop".

Maties swaarder gestraf ná klagtes oor gedrag

DIE Studenteraad het ná klagtes oor studente se gedrag besluit dat daar voortaan sterk opgetree sal word teen Maties wat hulle aan wangedrag skuldig maak.

Studente se gedrag by die Lanzerac Tavern het veroorsaak dat 'n afvaardiging van inwoners van die nabygeleë woonbuurt Karendal, en lede van die hotelbestuur verlede week 'n ontmoeting met die Studenteraad gehad het.

Volgens 'n afgevaardigde van die inwoners, dr. A.E.F. Heydorn, lei harde musiek ná ure, 'n geskree vanuit motorvensters laat-aand, en roekelose bestuur van studente daartoe dat hulle nie meer "in rus en vrede" tuis kan ontspan nie. Hy wil hê dat die Tavern gesluit word.

Op die vergadering het hy die opreg van 'n biertuin vir studente op kampus voorgestel.

Die bestuurder van die Tavern, mnr. Phillip Fullbrown, het gewys op die aanpassings wat reeds gemaak is om die inwoners se griewe te verlig. Beamptes is aangesel om die verkeer op 'n grondpad na die Jonkershoekpad te herlei, 'n klanksisteem met 'n lae basdrumpel is aangekoop, en 'n



Inwoners van die nabygeleë woonbuurt Karendal kla oor die geraas van studente wat die Lanzerac Tavern besoek. Hier ontspan 'n paar studente in die kroeg.

spoedbult is teen groot koste aangeleë.

Volgens die universiteitsreglemente kan studente wat hulle aan wangedrag binne of buite die universiteitsgrense skuldig maak, hulself bloot stel aan boetes van tot R200. Verder kan die betaling van skadevergoeding verplig word, studente kan tydelik of permanent belet word om 'n studente-amp te beklee, of selfs vanuit 'n studente-amp geskors word.

Voordat 'n saak by die tugkomitee aanhangig gemaak kan word, is positiewe identifikasie van die oortreder nodig.

Volgens kaptein J.S. Myburgh van die SAP-tak op Stellenbosch het die Polisie geen buitengewone probleem by die Lanzerac nie.

Volgens Padverkeersordinasies kan boetes so hoog as R2 000 en/of twee jaar tronkstraf vir nalatige bestuur opgelê word indien daar sprake van roekeloosheid is.

Hulle lei nou kampusverenigings

MNR. Anton Steenkamp, 'n vorige hoofredakteur van Die Matie, is verlede week as die nuwe voorsitter van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) aangewys.

Die nuwe bestuur van die Nasionale Party-studentetakke van Stellenbosch is ook onlangs gekies. Die nuwe voorsitter is mnr. Johann Oosthuizen, 'n regstudent in sy tweede jaar.

Die nuwe voorsitters van die volgende kampusverenigings was met die ter perse gaan reeds bekend.

Jong Progressiewes: mnr. Adrian Louw; USAT: mnr. Theo Erasmus; ASVS: mnr. Fritz Brand; Juridiese Vereniging: me. Lynette Theron, Stellenbosch Besigheidsklub: mnr. Bryan Collings; Admissiebond: mnr. Frans de Klerk; Debatsvereniging: mnr. Adrian Louw; Musicultus: me. Karin du Plessis; SAAK: mnr. Anton Steenkamp; Nusas: mnr. Jaco Malan; Staatmakers: mnr. Kobus van der Westhuizen; Studente-KJA: mnr. G.P. Kellerman; VSIS: mnr. Servaas van Niekerk; Fokus: mnr. Eric Basson.

'n Loopbaan in Beleggings

Ou Mutual, Suid-Afrika se grootste lewensversekeraar met bates van meer as R17 miljard, bied aan 'n toepaslik gegraduateerde (B. Com., B. Rek.) 'n aantreklike toekoms in die Beleggingsafdeling te Hoofkantoor, Pinelands.

Die pos behels hoofsaaklik ondersteuning en verskaffing van beleggingsinligting aan die Direksie en Bestuur. Verdere funksies van die pos sluit onder andere in:

— Rapportering aan die Registrateur van Finansiële Instellings t.o.v. Ou Mutual se bates.

— Vooruitskatting van beleggingsinkomste en -uitgawes.

— Inligting ter ondersteuning van die finansiële state t.o.v. beleggings- en verhoudingsontledings.

Die suksesvolle kandidaat moet 'n goeie syferaanleg hê, hoogs verantwoordelik optree en aktiwiteite volgens prioriteite kan hanteer. Verder moet die kandidaat homself/haarself goed kan organiseer, effektief onder druk kan funksioneer en as 'n spanlid kan werk.

Indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, skryf aan B. Pienaar, Personeelkeuringdepartement, Ou Mutual, Posbus 66, Kaapstad en voorsien ons asseblief van 'n volledige curriculum vitae.



"Kry meer uit die lewe"

Karnaval

SEWENTIEN vlotte – twaalf koshuis en vyf sosiaal – het vanjaar aan die vlotoptog deelgeneem en op Saterdag, 15 Februarie deur die Stellenbosse strate gery. Die wenvlot was Majuba en Erica se wit duif.

Rock festival

OVER 5 000 students gathered at the Drie Gewels Hotel on Saturday, 15 February for the first big rock festival to be held in Stellenbosch. The performing bands were Raisas Farm, Complications, All Night Radio, Askari, Falling Mirror, Bright Blue and Robin Auld with Z-Astaire.

Me. Matieland

LEMARYN LOUW is Vrydag, 21 Februarie by die Kroningsbal in die Stadsaal as Me. Matieland 1986 gekroon. Heather Morgan is as eerste prinses aangewys en Louise Kruger as tweede prinses. 'n Modeparade deur al tien finaliste het die kroning voorafgegaan.

Maties' Day at the Races

MATIES' Day at the Races on Saturday, 8 March started off for

Sosiale hoogtepunte van 1986

many with a champagne breakfast at Blaauwberg Strand, after which the Matie "millionaires" enjoyed the rest of the day at the Milner-ton race course. Jerry van Vuuren was judged the best dressed man, and James de Villiers and Daniel Bylash the best dressed couple.

Helshoogte Opedag


DIE hoogtepunt van Helshoogte se sosiale kalender was die Helshoogte Opedag wat op Donderdag, 3 Mei plaasgevind het. Dié dag se verrigtinge het onder meer 'n kampusmyl, 'n trompoppievertoning, 'n braaikompetisie en ander kompetisies soos sigareet-rook, "bo-atraces" en eiergeoi ingeluit.

Johnny Clegg and Savuka

ABOUT 1 500 students gathered

in the Gat on Saturday, 2 August for Johnny Clegg and Savuka's first concert in Stellenbosch. The group had the students swaying

and dancing to their tribal rhythm and sensitive lyrics. Clegg and Ondu Zulu impressed with their breath-taking dance routines.



Flashback – JC in action.

Intervarsity

DUISENDE geesdriftige studente het Saterdag, 9 Augustus op Nuweland op die veld en op die pawiljoen meegeeding in die 87ste kragmeting tussen die Maties en die Ikeys. Ondanks middelmatige rugby, winterkoue weer en kwaai polisiemanne het baie studente 'n heerlike, nat Intervarsity met talle opwindende oomblikke, waarvan sommige selfs rugbybewegings was, geniet.

Sangfees

"SANGFEES met 'n Bosgees" was die tema van vanjaar se Sangfees wat op Donderdag, 28 Augustus en Vrydag, 29 Augustus gehou is. Dit was die veertigste Sangfees op Stellenbosch en is vir die eerste keer in die D.F. Malangedenkentrum gehou. Dertien koorgroepe het deelgeneem en die hoogtepunt was die Kavango-gaskoor van Suidwes.

Street theatre

THE highlights of this year's street theatre appearances were Casper de Vries, Jaco Visser, various plays as well as local musicians, and the exposure of B.O.R.S (Beyweraars vir die Oervrou se Regte in die Samelewing).

Venetti

SPORTDRAG

TEL. 70240/1

ONS IS INGESTEL OP DIE STUDENT 'N EIE IDENTITEIT IN GROEPSDRAG

- SPESIALE ONTWERP
- GOEIE KWALITEIT
- GOEIE PRYS
- MOOI KLEURKOMBINASIES

KONTAK BETTIE STEENKAMP W 70240/1 H 4395

"SKRYF U EIE CV"

Die loopbaangids "Write Your Own CV", deur Max Kowen, bevat talle voorbeelde van volledige cv's asook wenke oor hoe om vir 'n betrekking aansoek te doen en ook onderhoudtegnieke.

Hierdie kennersgids is reeds deur talle opvoedkundige inrigtings soos onderwysdepartemente, individuele skole, kolleges, universiteite en biblioteke aangekoop asook die personeelbedryf en talle individue wat die gids met groot vrug in hulle werkaansoeke gebruik het.

Indien u kennersadvies wil inwin oor hoe om suksesvol vir 'n betrekking aansoek te doen of u loopbaanvooruitsigte te verbeter, hetsy in Suid-Afrika of oorsee, is die boek verkrygbaar by die CNA Stellenbosch of stuur R12,50 plus AVB aan:

Legal Personnel Selections, Medical Centre, 404, H.V. Jeppe en Delverstraat, Johannesburg 2001, of skakel Max Kowen by (011) 29-1854 om nadere inligting.

LET WEL: "Write Your Own CV" is tans slegs in Engels beskikbaar.

Sosiale Kalender

10 Oktober

Die Suidwesvereniging bied saam met die Suidwesterklub 'n Suidwester-saamtrek op Wateruitjiesvlei in die Paarl aan. Dit is in die vorm van 'n bring-en-braai met boeresport as toegif. Persone wat belangstel kan Dirk Reed by Huis Marais in verband met vervoerreëlings en ander navrae kontak.

"Ek's deur... maar die bank is toe!"

"Maar ons kangaan vier."

WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch, of skakel 7-1573.

En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.



BOLAND BANK

Bankman

24 UUR BANK

BOLAND BANK BEPERK. GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK.


14 Oktober

Die Universiteitskoor tree om eenuur in 'n spesiale middagete-konsert in die Endlersaal op. Die geleentheid word aangebied deur die U.S. Debatsvereniging ter viering van die 50ste bestaansjaar van die U.S.-koor. Kaartjies is beskikbaar by die deur teen R1 elk.

16 Oktober

Sonja Herholdt tree om 9.30 nm in die Dagbreek Quad op. Daar is geen toegangsfooi nie, maar donasies is welkom.

18 Oktober



LANCE JAMES

Die Drie Gewels Hotel bied van twaalfuur tot sesuur die middag 'n Country-show aan. Die kunstenaars wat sal optree is John Edmund, Chrissy Jackson, Clive Bruce, Joanna Field, Lance James, Dicky en Carleen Loader, en Barbara Ray. Die toegangsfooi is R5.

**DIE plasing van 'n advertensie van die End Conscripti-
on Campaign wat op hierdie blad sou verskyn het, is
gister deur 'n besluit van die Uitvoerende Komitee van
die Studenteraad verbied. Die Uitvoerende Komitee
het beslis dat die US-Raad se verbod op die gebruik
van kampusfasiliteite deur die ECC ook die koop van
advertensieruimte in Die Matie insluit.**

Tuks-beurse grootste

PRETORIA. - Die Universiteit van Pretoria het vir die tweede agtereenvolgende jaar sy beurs- en leningskema aansienlik vergroot. Studente wat akademies presteer asook gesinne waarvan twee of meer kinders gelyktydig aan dié universiteit studeer, sal deur die verbeterde skema bevoordeel word.

Prof. Flip Smit, vise-rector (navorsing) van Tukkies, het gesê die UNiversiteit het 'n verantwoordelike om ondanks die huidige ekonomiese klimaat toe te sien dat soveel moontlik verdienstelike studente in staat gestel word om te studeer.

Die nuwe skema lyk soos volg:
-Prestasiebeurse vir top-studente ter waarde van R4 500.

-R1 000 vir weners van vak-olimpiades.
-Hoofmeisies en -seuns wat as

eerstejaarstudente inskryf kry R1 000.

-Beurse van R300 vir lede van die Voortrekkerbeweging wat die Presidentverkenner-toekenning verwerf het.

-Gesinskorting van tot 20 persent op klas- en koshuisgeld vir gesinne met twee of meer lede wat gelyktydig heeltyds aan Tukkies studeer.

-Beurse vir nagraadse studie vanaf R2 000 vir 'n honneursgraad tot R6 000 oor twee jaar vir doktorsale studies.

Die beursskema van die Universiteit van Stellenbosch sien soos volg daar uit:

-Prestasiebeurse vir top-studente kan tot R2 500 beloop.

-Hoofmeisies en -seuns kry R350 in hul eerste jaar.

-R400 aan elke vierde en daaropvolgende kind uit dieselfde

huis wat die Universiteit bywoon, vir die duur van die kursus.

-Beurse vir nagraadse studie beloop van R3 600 vir 'n honneursgraad tot R5 000 vir 'n magistergraad. R2 500 kan toegeken word vir doktorsale studies.

Volgens mnr. J.N. Malan, hoof van die afdeling voorgraadse beurse en lenings aan die US, word studente nie net in hulle eerstejaar met beurse na die Universiteit "gelok" nie, maar word daar ook na hulle omgesien in hul senior en nagraadse jare.

Die Randse Afrikaanse Universiteit gee tot R2 300 aan top-presteerders, R1 000 vir hoofseuns en -meisies en R900 vir studente wat die Presidentsverkenner-toekenning ontvang het.



Mnr. Franklin Sonn, wat aangewys is as die voorsitter van die Mobil-Stigting van Suid-Afrika

Sonn voorsitter van Stigting

KAAPSTAD. - Mnr. Franklin Sonn, rektor van die Technikon Skiereiland, is tot voorsitter van die Mobil-Stigting van Suid-Afrika verkies. Die stigting, wat ten doel het om die lewenspeil van minderbevoorregte gemeenskappe te verbeter, sal in die komende vyf jaar sowat R40 miljoen vir dié doel beskikbaar stel.

Volgens mnr. Sonn beoog die stigting om onder meer die gehalte en relevansie van onderwys te verbeter. Die stigting sal nie bestaande staatsinstellings steun nie.

Die stigting het twee afsonderlike trusts van kenners vir hul projekte aangestel. Prof. Laurence Schlemmer van die Universiteit van Natal en mnr. Joe Latakomo, redakteur van Die Sowetan, is lede van die trusts.

LEOTANA

DIE STAPWINKEL VIR STUDENTE

BACKPACKER
BOULDER (75 l)

R171,35

AVB ESKL.

BAIE BEPERKTE
VOORRAAD

Loer in by:
PLEINSTRAT 21

Ure:

Ma.-Vr. 09h00-17h00

Di. gesluit na 13h30

Sa. 09h00-13h00

Bo-op Eikeboomsloeghuis

TEL. 3017



Dans
Disco
Pool

MONKEY'S

DISCO:

WOENSDAE EN DONDERDAE

Gratis ingang

SATERDAE: 13 uur musiek

vanaf 12h00

Orkes: NIGHTLIFE

VRYDAG- EN SATERDAGAANDE

INGANG MANS R2,50
DAMES R1,00

Fotofast
Fotofast
Fotofast

1 UUR
1 FOTO

TREFFERS!!

Fotofast
STEL BEKEND
WAARDE VIR GELD
IN ONTWIKKELING EN AFDRUKKE

GRATIS
ALBUM &
VERVANGINGSFILM
MET ELKE FILM
INGEHANDIG VIR
ONTWIKKELING
EN AFDRUKKE

**U BETAAL
NIKS EXTRA**
VIR AFDRUKKE
37% GROTER AS
GEWONE
AFDRUKKE

20% AFSLAG
OP
KLEURFILMS
• KONICA
• KODAK
• SAKURA

PLUS

R 200 AFSLAG
OP ELKE
KLEURFILM
INGEHANDIG VIR
ONTWIKKELING
EN AFDRUKKE

**GRATIS
VERGROTINGS**
MET
ELKE
KLEURFILM
INGEHANDIG VIR
ONTWIKKELING
EN AFDRUKKE

**GRATIS
4 AFDRUKKE**
MET
ELKE
KLEURFILM
INGEHANDIG VIR
ONTWIKKELING
EN AFDRUKKE

OPSKUD! AANBOD VIR BEPERKTE TYDPERK!


Fotofast

DIE FOTOSPESIALISTE

TRUSTBANKSENTRUM · STELLENBOSCH
TEL. 02231-3435

KONICA KLEURFILM - DIE VOLMAAKTE BEELD





JOGGELS EN TUTU ?

JOGGELS

AAG TU-TOE; —TUR MAN! SANKSIES NA ?

MAN! BY JOGGELS HET ONS DIT VERWAG —

JOGGELS-PRYSE LAER, KOMMISSIE IS HOËR



'86 SEPTEMBER — JOGGELS

FEITE:

90% Studente verdien in 4 dae

ELK R328,19 minimum

Dit is: R82,04 per dag

Nov/Des: =15 dae x R82,04

=R1 230,71 ➔ As

gewone toerlid vir jou genoeg!?

Ja, Joggels sit nie net agteroor en rook nie — ook nie 'n 'alewige' mondvol oor ander firmas nie — Joggels doen sy eie ding — STYLVO

GEEN GRUWELIKE GLYSKALE

Kommissie: 25% bankvas

Bonus: 5%

Totaal: 30%: KOMMISSIE

PRYSVERLAGING: 40%:

Die gevolg —
Hoër Omset
Hoër verdienste
JOGGELS! JOGGELS!

JOGGELS

BAIE GELUK
 AAN MNR.
 P.T. GIORGI MET
 SY SPOG 2-DEUR
 BORWARD-MOTOR
 VAN JOGGELS
 GEWEN!!

JOGGELS — Waar
Vryonderneming
Wen!

Joggeliustus Said:
 "Rather roll in
 Your own Money
 than in seasand
 with parental
 money!!"

JOGGELS

- TOERLEIERS — Jy is in — Vorm 'n groep van 8 en kom!
- ERVARE TOERLEIERS — 8% Bankvas — Die hoogste in die bedryf!

20 MEISIES BENODIG VIR VANSIEWERK IN PLETTENBERGBAAI — TOPSALARIS — NIE VERKOPE

Kom in groepe van verkieslik groter as 50 studente per keer —

KANTORE: Andringastraat
TELEFOON: 74094 of 4987

Of vul net ons pamflette in en pos

JOGGELS

Die Matie

DONDERDAG 9 OKTOBER 1986

Jý moet USKOR help

VIR dié wat sinvol betrokke wil wees in die gemeenskapskrisis om ons, maar wat nie die maag of die angel vir studentepolitiek het nie, of dalk gefrusteerd is omdat dit dikwels lyk na 'n temerige storm in 'n ooropgeblase teekoppie, is daar - op die kampus - 'n opwindende alternatief.

USKOR, die Universiteit se eie welsynsorganisasie, is grootliks afhanklik van vrywillige werk deur studente om in die enorme behoefte aan hulp, opleiding en basiese regs- en gesondheidsdienste te voldoen. Bykans alle fondse wat vir dié doel aangewend word, word deur Stellenbosch se Karnavalpoging ingesamel. Vanjaar is R 175 000 aan Uskor oorhandig.

Studente se hidrae strek egter veel verder as net motorkompetisiekaartjies verkoop en leë blikkies rondskud.

Deur deel te neem aan USKOR se poging om behoeftige gemeenskappe te help om hulself te help, kan studente nie net vaardighede wat in die klas en laboratorium aangeleer is in die praktyk toepas nie. Hulle kan ook die bevrediging smaak om op konkrete wyse brúe te bou en féts, al is dit hoe beskeie, te doen om die nood wat ons omring, te verlig.

Onlangs is USKOR se grondwet aangepas om die organisasie, en dus studente, vrye teuels te gee om 'n hand by te sit waar dit ookal benodig word. Binnekort sal 'n projek aangekondig word wat dié studente se inisiatief op tasbare wyse binne koshuisverband sal beleen.

Sal Maties 600 haal?

IN die jaar wat twee van die wêreld se beste universiteite, dié van Heidelberg en van Harvard, onderskeidelik 600 en 350 jaar oud word, is die onwillekeurige vraag of die betreklik groen Stellenbosch dié gryse jare met sy veelgeroemde idee in een stuk sal bereik.

Of enige universiteit, in die Griekse sin van die woord - 'n sentrum van kritiese debat, in die Suid-Afrika van môre nodig geag of gedoog sal word, hang af van hoe verantwoordelik die universiteit vandag sy rol uitleef. En hoe goed die suksesse wat daaruit vloei, bemerk word.

Ons moet die idee dat die afspeel van kritiese denke wat hier plaasvind eerder tot die bestendiging as die afbreek van demokrasie en regverdigheid lei, voortdurend aan skeptici bewys. Ons moet verseker dat die geleentheid om op hierdie rasionale slagveld mee te ding, aan alle standpunte beskikbaar is.

As ons as instelling nie bewys dat ons geriewe tot die beskikking van alle dele van ons land se bevolking is nie, en dat ons soek vir oplossings wat ál dié groepe se aspirasies in ag neem nie, sal Stellenbosch moontlik nie as vrye universiteit die draai van die eeu sien nie. Ons land kan nie bekostig om nie 'n Harvard of 'n Heidelberg te hê nie.

MATIE-REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: STEPHAN MALHERBE, Die Piekie 10, Hertestraat (tel. 79381)

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: CHRIS BARNARD, Brandwachtstraat
HOOFNUUSREDAKTEUR: MARIKA TRUTER, Nassau 28, Pleinstraat (tel. 73831)

BESTUURSHOOF: DAWID VAN DER MERWE, Stelmont 4 (tel. 76729)
ADVERTENSIEBESTUURDER: JANNIE NEL, Het Heerenhof 4 (tel. 79172)

NUUSREDAKTEUR: DAAN MOSTERT, Banhoekweg 191 (tel. 74265)
SUBREDAKTEURS, NUUS: BARRIE TERBLANCHE, Simonsberg (tel. 2035)

VERSLAGGEWERS, NUUS: André Langeveldt, Johann Oosthuizen, Moira Roux, Michelle Kruger, Cornis van der Lugt, Lynette Gerber, Russel Field, Helene Schneider, Chris van der Merwe, Janine Everson, Nicolene Strauss

SOSIALE REDAKTEUR: MARGUERITE MOODY, Sonop (tel. 6447)
SUBREDAKTEURS, SOSIAAL: ANDREW WEEKS, Heroldstraat 30 (tel. 78664)

LIEBE VERSTER, Dalsighof 22 (tel. 4083)
VERSLAGGEWERS, SOSIAAL: Corlia Erwee, Annamarie van Wyk, Heather Moore, Esmé Visser, Rozanna Strauss, Annchen Nel

AKTUELE REDAKTEUR: PIERRE DE VOS, Helderwaters 16 (tel. 75780)
SUBREDAKTEUR, AKTUEEL: JOHAN TROSKIE, Dennesigstraat 15 (tel. 72012)


KUNSREDAKTEUR: KELLIE WESTON, Van Ryneveldstraat 80 (tel. 4401)

INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: ILSE CILLIERS, Huis ten Bosch (tel. 2217)

SUBREDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊRE: JOAN SWART, Erica (tel. 71230)

VERSLAGGEWERS, INTER-UNIVERSITÊRE: Michael Jordaan, Jaco Strauss, Jaco Wolmarans, Pieter van Zyl, Pier Ploughmann

TEKENAARS: Tania Maria Kruger, Oewersig 8, Moltenostraat (tel. 74967)
Ben van der Merwe, Banhoekweg 149 (tel. 2041)



'Government creates more revolutionaries than Moscow'

IN the townships the young lions of the revolution see mirages of the so-called "Day of Liberation".

Through regular meetings with some of them I learnt that they truly regard the moment of liberation as the ultimate.

What is more, they oppose the status quo so fanatically that they could not care whether the next system is Communist or not. The destruction of the status quo is the supreme unifying goal.

To illustrate the radicalization further, I want to cite a practical example. A few months ago I attended one of the protest meetings regularly held on the Wits campus.

While the crowd slowly chanted: Viva MK! (MK is the abbreviation for Umkhonto we Sizwe), a young priest shouted: "No reform, only revolution!"

Is this the same struggle that chief Albert Luthuli fought in the fifties?

In contrast to modern revolutionary sloganism, Chief Luthuli held the following view of liberation strategy: "I have embraced the nonviolent passive resistance technique in fighting for freedom because I am convinced it is the only nonrevolutionary, legitimate and humane way that could be used by people denied, as we are, of effective constitutional means".

Spokesmen for Nelson Mandela partly supplies the answer to the question in their official reaction on the State President's release offer: They are "surprised at the conditions the government wants to impose on him. He is not a violent man. His colleagues and he wrote in 1952 to Malan asking for a roundtable conference... but it was ignored. "When Strijdom was in power, they made the same offer. Again it was ignored. When Verwoerd was asked for a national convention... this too was in vain.

"It was only when all other resistance were no longer open to them that they turned to the armed struggle. Let Botha show that he is different from Malan, Strijdom and Verwoerd!"

The gap between the old guard, represented by Mandela, and the young men presently

fighting in the frontline with petrolbombs, necklaces and people's courts, is growing rapidly.

On the other hand the young Afrikaner is confronted by the political incompetence or bankruptcy of his once respected leaders. Despite reform rhetoric they still seem prisoners in the myopia created by their defunct ideology.

Why does the Nationalist go-

HENDRIK DU TOIT, a lecturer in economics, wrote this article before he left for Cambridge University, where he will study further in economics.

vernment behead black leadership as soon as it voices its discontent with an unjust system? In the name of law and order this government has created more Marxist revolutionaries than Moscow could have hoped for in its wildest dreams.

On August 14 we witnessed the second annual Durban fiasco. If we thought that the notorious Rubicon speech represented a swing to the right, we saw a jump into the laager.

We can safely conclude that the EPG was at that stage on the brink of a breakthrough had it not been for the fact that the government insisted on a *renunciation* of violence instead of the offered *suspension*.

In context of the quoted argument of Mandela, was it logical to expect a group to bind themselves permanently to a certain way of operating when there is no guarantee for success at the negotiation table?

In President Botha's address to the NP congress he acknowledged the fact that he holds the key to the future.

Alas, despite previous promises of one South Africa, he retreated by saying: "It is time that the fact of independence of the TBVC countries is accepted."

When our very survival is at stake, can we still waste our time

with such anachronisms?

Because of a lack of political enterprise and initiative amongst our political leaders, they increasingly resort to military power. This modus operandi has finally stripped the tricameral parliament from most of its credibility.

As realists we must, however, recognise the reality of the communist threat.

But is severe repression without sufficient reform the way to convince a punch-drunk, disenfranchised community of the dangers of communism? Lord Acton accurately stated: "Power tends to corrupt and absolute power corrupts absolutely."

The result of all this: thousands in jail, a hardening of attitudes, more bombings, more pressure from the outside world.

Revolutionary sloganists now have ample scope to call Umkhonto we Sizwe a "defence force" against the injustices imposed by the enforcers of law and order.

In 1976 Chief Buthelezi was a principal mediator in calming down Soweto. In June this year he had to enter Soweto under the strictest security by helicopter.

It is commonly accepted that he lost substantial ground outside his powerbase in the past decade.

Bearing this evidence in mind, how can we still afford to play a waiting game whilst losing all initiative.

Although the future belongs to the youth, the power to influence it now, is predominantly vested in the leaders of the various political movements in South Africa.

Above all the power to create a climate for negotiations is in the hands of the present government. Let us hope that they will use this opportunity to regain initiative in the South African political process.

My humble plea to our leaders is embodied in the following words of a top American architect:

"Make no little plans; they have no magic to stir men's blood. Make big plans, aim high in hope and work!"

INTERVIEW

Then God says: 'Twak'

What is your position on violence?

My own views are in fact the conservative, traditional Christian position, which is that all violence is evil. I am opposed to any form of violence - the violence of those who uphold an unjust system and violence of those who seek to overthrow it.

But then I have also gone on to say, and I do not apologise for this, because again it is the traditional Catholic conservative position of the church, that there can come a time when it would be justifiable for people to overthrow an unjust system by force. Yóu, you are the people who know from your reform tradition that Calvin, Luther and people of that kind have said that an unjust government is in fact a robber.

I need to point out to you that the ANC started in 1912, and up to 1960 - that is for fifty years of its history - it used non-violent means, and as a tribute to its commitment to non-violence, one of its President-Generals received the Nobel Peace Prize. The ANC adopted the armed struggle in 1960. In 1960 our people protested peacefully against the pass laws at Sharpeville and 69 of them were killed. Most of them were shot in the back. It was then that the government banned the ANC and PAC. These organizations said: we have no other way forward, we have no option.

And remember, that is something you tend to forget, when your people were unfree you actually had two "vryheidsoorloë". If it was right for you, why should it be wrong for others?

And again, I always say the solution, the answer, is in your hands. Not in the hands of the blacks at the present time. The blacks, if you don't mind me saying so, have

ARCHBISHOP Desmond Tutu was elected as Archbishop of Cape Town earlier this year. JOHAN TROSKIE and PIERRE DE VOS spoke to him during his recent visit to Stellenbosch.

shown a remarkable restraint in the face of over three centuries of brutality on the part of the whites towards them.

People, black and white, are going to suffer with the imposition of sanctions. How do you reconcile that with your position as a religious person?

Nobody wants people to suffer, but let's look at what is happening in this country. Even with the abolition of pass laws, six million black South Africans are alien. Just by the stroke of a pen you are told: "Nee jong, jy is nie meer a ware Suid-Afrikaner nie." People were uprooted. Where they had secure, stable communities, they uprooted them and dumped them as if they were rubbish.

They suffer now. People who have carried out a policy, which inflict unnecessary suffering, to come along suddenly and become altruistic and say they are concerned about blacks. I say: "Sorry, give us something else."

I said I don't want sanctions. But please tell us what method you have that is non-violent which is going to satisfy the people. Who are the people that are jumping like scolded cats? It's not black people, it is white people. They are really paranoid about sanctions. Where have you ever seen a trade union, whose business it is to try and find work for it's members, saying we

support sanctions? Cosatu supports sanctions, the National Union of Mineworkers supports sanctions.

You should have thought that black people would have repudiated me long ago. They have not yet done that.

How do you reconcile politics with religion?

Who are the people who say: "He is not dealing with religion, he is dealing with politics." It is people who are privileged, it is people who benefit from apartheid. The poor people have never said to me: "Bishop, preach the Gospel - you are not preaching the Gospel now, you are preaching politics". There are many of them who say I am not political enough. But I am thrilled that we have a faith which is incarnational, which says all life belongs to God, including politics.


If politics, the political realm, does not belong under the judgement of the scriptures then you are saying that there is a part of God's universe over which He has no control.

I am a pastor and that is what I would love to do - pastoring, looking after my priests so that they can look after their people. That is what I am at heart. I don't have very many gifts, but I think that is one thing God has given me. I love people - not white people or black people, I love people.

What is your point of view on liberation theology?

You open the Bible and you discover that virtually everything in the Bible is what is called particularistic and occasional - occasional in the technical sense that it is occasioned by a specific set of circumstances - almost any part you open, you know that it was addressed to a particular situation.

Now, for the bulk of people who are finding liberation theology to



Archbishop Desmond Tutu . . . I love people.

Foto: DEON SONNEKUS

be one that speaks to their condition, it is that they are experiencing oppression, injustice and exploitation. Does God, does Jesus, have anything to say in that situation? Of course, it is incredible if you look almost anywhere in the Bible, and you read the story of Naboth's vineyard (he laughs). When the Queen thought they had really got Naboth, they discovered that there is a God who takes sides.

You open Isiah chapter one, where the people are offering God their worship and he says: "Nee man, aikona, nee I am not going to have that because you are full of blood, you are murderers. You must repent. You must show repentness - not in any way, you

must do justice to the poor". You see chapter 58 of Isiah, where the people are fasting and they think this is deeply religious. Then God says: "Twak". And then they are shocked. And he says: "The fast that I want, is that you should lose the fetters of the oppressed". You would almost think that it was said by the South African Council of Churches; or it was Bishop Tutu writing down a manifesto.

We find that the theme of liberation is one that runs right through the Bible. God is firstly experienced as a God of exodus who leads a rebellion of slaves out of bondage. It is the wonder of our God that he always takes the side with the one that is oppressed.

Propaganda veg om harte

DIE afgelope tyd, veral tydens die Studenteraadsverkieping, het die soeklig op die pogings van kampusorganisasies om ondersteuning deur propagandamodes te verwerf, geval.

Akademici definieer politieke propaganda as die georganiseerde oordrag van 'n propagandaboodskap deur internenslike en ander vorme van kommunikasie aan 'n bepaalde groep mense. Die doel is om hulle te oorrede om 'n bepaalde siening van gebeure te aanvaar ter bereiking van 'n voorafbepaalde doelwit, en dan oor te gaan tot 'n vorm van aksie.

Meestal is propaganda eensydig, maar by meer gesofistikeerde vorme daarvan word beide kante van 'n saak gestel sodat die teiken gebluf word dat hy sy eie afleidings maak. Die propaganda maak egter seker dat die teiken die "regte afleidings" maak.

Die sielkundige dimensie is veral belangrik vir die propagandis, want hy poog inderdaad om 'n plek in die "hearts and minds of the people" te kry.

Op Stellenbosch is daar verskeie organisasies wat probeer om deur propaganda 'n plek in die harte van mense te kry. Studente is dié organisasies se primêre teiken - veral dié wat nog nie 'n vaste mening oor sake het nie. Hierdie onsekeres moet oorgehaal word om hul groep se standpunt in die studentepolitiek te ondersteun. Wanneer die student oortuig is, word daar gereeld eise aan hom gestel, soos om tydens SR-verkiepings te stem vir die groep wat deur die organisasies gesteun word, of om geldelike bydraes te maak.

Kampusorganisasies soos die Populêre Studente Aliansie (PSA), die Stellenbosse Studente Gesprek (SSG) en die Nasionale Party-Studentetakke kapitaliseer op Stellenbosch se tradisie van Afrikaner-Nasionalisme.

Die ECC en Nusas word as die teenhanger van die PSA en verwante organisasies beskou. Dié organisasies beroep hulle veral op die erkenning van mense-

DAAN MOSTERT het akademies na die kwessie rondom propaganda op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch gaan kyk.

regte en onderskryf demokratiese ideale.

Die PSA eien homself die steun van die "gematigde studente" toe. In 'n lys van die organisasie se doelstellings sê die PSA dat hy deur "positiewe aksie die studente-massa se invloed in kampuspolitiek" wil laat geld. Só word daar 'n sielkundige beroep op studente gedoen op die PSA te steun, omdat daar van hulle verwag word om "gematig" te wees.

Die verskillende persepsies wat oor die ANC voorgehou word illustreer elke groep se inligtingstyl. Elke groep hou 'n ander beeld aan die teikengroep voor.

Gedurende die Studenteraadsverkieping het die PSA 'n effektiewe stryd rondom kwessies soos die ANC, sanksies en geweld gevoer. In verskeie pamflette doen die PSA 'n beroep op ander groepe soos die ECC en Nusas om hulself van die ANC se geweld te distansieer. Van die boodskappe, wat met foto's van die Pretoria bomontploffing gepaard gegaan het, lui:

"The PSA calls on Nusas and the ECC to publically share with us what it's like to sit and chat in Lusaka with people who are too Bangbroek to take on the security forces but are always eager to blow you to pieces with landmines to gain media coverage."

Op hulle beurt spel Nusas dit in 'n pamflet uit hoekom hulle met die ANC wil gaan praat. In die pamflet moedig hulle Stellenbosse studente aan om vroe aan die ANC te gaan stel. Volgens hulle wil hulle "die probleme van die blanke student" aan die ANC gaan oordra. Ter ondersteuning wys hulle op die groot steun wat die ANC onder swartmense het; dat sekere vroe oor die toekoms van

Suid-Afrika "net deur die ANC beantwoord kan word". Hulle hou die ANC ook as 'n moontlike toekomstige regering voor.

Partyblaadjies is dikwels kenmerkend van metodes van organisasies om deur die gee vsn sekere inligting, lesers se standpunte te verander. Die slagspreuk van die PSA-blad, "Bulletin" vir sy lesers is "Wees Ingelig. . . Bly op hoogte". Die indruk is dat wat in die Bulletin staan, belangrik is om gelees te word, omdat dit lesers op hoogte sal stel van wat op Stellenbosch aan die gang is. As partyblad poog die koerant ook nie om objektief in sy beriggewing en agendastelling te wees nie. In die stryd wat die PSA voer, rig hy homself daarop gerig om 'n teenvoeter vir die "linkse politiek" te wees, en om mense oor te haal om sy standpunte te onderskryf.

Ná die protesoptog verlede jaar en die Universiteitsraad se verbod op verdere optogte, het Nusas 'n pamflet "Skending van 'n Fundamentele Reg" die lig laat sien. Daarin word die Universele Verklaring van Menseregte aangehaal en afgespeel teenoor die raadsbesluit. Duidelik gee Nusas dus vir sy teikengroep kans om "self" gevolgtrekkings te maak nadat die feite aan hom voorgelê is. Nusas het ook met 'n "Be-wusmakingsveltoeg" begin om studente "in te lig" oor wat veral in die swart woongebiede rondom Stellenbosch aan die gang is. Sielkundig word 'n beroep op lesers gedoen om bewus te word van die status quo, wat meestal negatief deur die pamflette voorgestel is, en om iets in reaksie daarop te doen.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die propaganda-oorlog organisasies hoofsaaklik in twee kampe verdeel. Aan die een kant is daar die PSA en ander wat aanspraak op die gematigde studente maak, terwyl Nusas en ander die ander kant probeer stel en hul teikengroep uitnoodi om gevolgtrekkings ná "rasionele oorweging" te maak.

SADF GET OUT!

SO THAT WE CAN TERRORIZE THE PEOPLE IN PEACE!

THE P.S.A. CALLS ON NUSAS & THE ECC TO PUBLICALLY DECLARE WHO THEY THINK WILL RESTRAIN ANC & EFF ACTIVISTS WHO BURN AND BUTCHER ANY VERSION OF THE UNIVERSITY OF ST. PAULS WITHIN THE PS. ISSUED

PATERNALISME?

Die Studenteparlement van die U.S. steun vrye gesprek met enige groep. Mosie 36 van 1985 lui onder andere: "Dat die SP vrye en onvoorwaardelike gesprek met enige groep of persone voorstaan."

Die Rektor, prof. Mike de Vries, sê: "Ek glo ons almal moet saamwerk in 'n soeke na oplossings en dat bydraes van jong mense (studente) ook kennis van geneem moet word." (Die Matie, 75 Mei 1986)

Die ECC is 'n bydrae deur jong mense. Maar die enigste manier waarop die Raad van die Universiteit daarvan kennis neem, is deur alle bedrywighede van die organisasie op kampus te verbied.

HOE RYM DIT MET ONS LEIERS SE MOOI WOORDE?

OUTOKRASIE?

Oor leiers, broeders en die 'liberals'

CHRISTO NEL beskryf drie tipes mense op Stellenbosch en vra hulle om nie apaties te bly staan nie.

'n "LEIER" se geskiedenis begin op skool. Ons ken hulle almal. Blondekop-blouoog individu wat 'n lang geskiedenis van "witbroodjieisme" het. "Soet seuns en meisies" wat ja en amen sê op alles wat deur onderwysers aan hulle opgedis word. "Leiers" wat ironies genoeg niks anders as ruggraadlose superkonformiste/gatkruiers is nie. Op 'n stadium verdwyn die lede na een of ander leierskamp om dan op 'verrassende' wyse as hoofdogter en hoofseun verkies te word.

Die goed-georkestreerde manipulasie word vroeg-vroeg opgevolg deur 'n ASVS-leierskamp in jou eerste jaar. Soms word daar egter opgeslip met die verkiesingsprosedure en so het byvoorbeeld die uwe ook op hierdie leierskamp beland - saam met individue soos Le Roux van der Westhuizen en Nic Myburgh.


Prominente lede van die Ruiterswag en Broederbond dien as instruktors op hierdie kamp. Gedurende

van die apatiese studentemasie niks weet nie.

Meer konkreet gestel: Die Universiteitsraad is regeringspoppe wat die waarheid van die studentemasie probeer wegsteek. Hoe anders verklaar 'n mens die verbanning van die ECC en dat 'n Tutu-vergadering "toe" moes wees.

Gelukkig kan en sal die tegniek nie werk nie. Ek is ook 'n Afrikaner en, wat meer is, baie lief vir rugby, branders en "paarties". Dit was blote toeval dat ek die "ander wêreld" in Suid-Afrika ervaar het: 'n Wêreld waar mede-burgers sterf van die honger en ellende. Dit was eers tydens konfrontasie met die wêreld dat ek besef het hoe bevoorreg die blankes lewe, en hoe blatant die regering oor die ware toedrag van sake in Suid-Afrika lieg.

Meer en meer jong Afrikaners sien egter daagliks deur hierdie geïndoktrineerde onkunde. Meer en meer jong Afrikaners het moeg geword vir 'n klomp hoogheilige, ongekwalifiseerde volksvaders wat aan ons wil voorskryf watter klere ons moet dra, watter musiek "kommunisties" is, hoe laat ons terug moet wees in die koshuis, watter "sedes" Christene



"Liberals" ... hulle het nooit tyd nie.

die proses word die roete na die SR subtiel aangedui. Rigtingwysers in die verband is byvoorbeeld die karnavalkomitee, koshuis HK's (al die ouens wat "die koshuis se belange op die hart dra en sy mede-Dagbrekers wil dien") die ASVS en ander "reg(s)denkende organisasies" (Gaan kyk maar na die SR-lede se CV's). Op hierdie wyse verkry die eksklusiewe groepie beheer oor die hele Studente-unie. Jaar na jaar word die SR verkies. Jaar na jaar dien die "leiers" op die SR.

Broederbondlidmaatskap het sy voordele. NP-lede, so lyk dit vir my, hoef nie soos ander studente hard te leer nie.

As 'n mens ná verskeie onsuksesvolle pogings weer vanjaar vyf uit die ses vakke in die regskursus dop, is dit duidelik dat potensieel werksgeleentheid nie eintlik 'n bekommernis van die mense is nie. Of het die bestuur van die NP-jeugtak en die PSA politieke loopbane in die oog? Die verskynsel is eger nie in NP-geledere vreemd nie. Die lang geskiedenis van korrupsie in die Broederbond spreek vir homself. "Baantjies vir broedertjies." Self 'n tweedejaar-dropout kan Staatspresident word.

Dit bring my by die tweede groep op Stellenbosch: "Happy-go-lucky"-studente wat aldus wetenskaplik-bepaalde statistiek politiek minder ingelig is as swart skoliere. Vir dié tipe student gaan die lewe oor rugby, die branders by "coolbay" en "paarties". En dit is ook reg so. Die onsentiewiteit wat die groep kenmerk is die skuld van die Regering- en Universiteitsowerhede. Persensuur, blattante leuens in Die Burger en op die SATV-nuus, gemeenskapsisolering (die resultaat van apartheid) en voorbedagte disinformasie is voorbeelde van Suid-Afrikaanse realiteite waar-


moet handhaaf en dies meer. Net so besef meer en meer Afrikaners dat agter elke onderdrukte swartmens nie 'n kommunistiese agitator staan nie.

Die derde groep op Stellenbosch is minder onskuldig. Hierdie groep is die sogenaamde "liberals". Die een kenmerk wat hulle tipeer, is bourgeoisie individualisme. Honderde studente het reeds deels die lig gesien. Nogtans bly die mense onbetrokke. Die resultaat hiervan is onder andere 'n verkrampte studenteraad. Of die "liberals" hou nie van sekere aktiviteite nie, of hulle stem nie heeltemal met Nusas en die ECC saam nie, of hulle wil die struktuur van binne verander, of wat ook al.

Dié vorme van rasionalisasie is primêr op 'n wanvoorstelling gegrond. Politiek gaan oor mag. Die konserwatiste op Stellenbosch kan net uit die kussings gelig word as individue organisatories verenig en op die wyse konserwatiewes teenstaan. Nusas en die ECC is demokratiese organisasies. Daar word persoonlike verskille nie kragdadig "uitgesort" nie maar in gesprek deur middel van goeie gesindheid uitgepraat. Die breinkrag van die hele organisasie is soveel meer werd as bloot die van 'n goeie "leier".

Mense sterf steeds elke dag in Suid-Afrika. Die PFP-monitorgroep het bepaal dat 277 mense die afgelope twee maande gesterf het. Tydens die vorige Noodtoestand het 322 mense gesterf, ('n afname in geweld?). Daarom versoek ek die lesers om betrokke te raak by die demokratiese organisasies in Suid-Afrika. Hoogs bevoegde individue kan nie die Regering teenstaan nie. Studente, as deel van 'n groeiende demokratiese front, kan egter juis dit doen.

'n BRIEF UIT NAMAKWALAND



Illustrasie: WEEKLY MAIL

Klein hondjies moet nie tjank nie ... moet mens lag of huil?

Boere lieg nie so nie

In Suid-Afrika gaan dit nie meer oor Apartheid nie, maar wel oor rassisme, skryf IAN LIEBENBERG.

JA-NEE, die geskryfde van ene mnr. Myburgh, by name "klein hondjies moet nie tjank nie", laat mens wonder of jy moet lag of huil. Maar nou-ja, op elke misloop kraai 'n haan koning. Mens sou kon probeer om sy argumentjies te ontleed, maar plek-plek loop dit ook maar yl soos Boesmangras in die droog-tyd.

Die enigste verskil tussen mnr. Myburgh se PSA-groepie en die plaaslike KP-tak, so lyk dit vir my, is ook maar net die ouderdom waarop hulle gespeen is. (Albei se stories klink so eners en albei hou hulle jaarvergaderings in 'n telefoonhokkie hier ter plaatse.) Nou ja, daar sit nie sinnigheid daarin om onnodig lank sy geskryfde te bekyk nie. My eerstejaar filosofievriende sê vir my dat dit wemel van ad populum tu quoque en ad hominem argumente.

In die geheel lyk dit vir my na 'n soort van "aanspraak op mag" dreigement ... ek meen argument (dis nou wat argumentum ad baculum genoem word deur my geleerde vriende). Natuurlik het ek geen rede om te twyfel dat al dié goed daar voorkom nie, maar ek sal my maar met die res van die geskryfde besig hou, want sinnigheid vir so 'n akademiese gesprek het ek tog nie nou in nie.


So, ek sal maar hoofpad lanks loop en net die yl kolle so plek-plek raakvat. Byvoorbeeld: "... dat ons besig is om te slaag." (verwysende nou na die PSA/KP-groepie), sê mnr. Myburgh. Hy moet net pasop dat hy nie soos die Duitsers in die laaste oorlog dink die naderende kanonskote is sy eie artillerie nie. Mens skrik só groot as jy dit te laat besef.

Nie dat enige iemand met "common sense" (Soos die Engelse sal sê) dit sal betwyfel dat die situasie in die land lelik is nie. En niemand het seker ôskoon handjies nie, maar mnr. Myburgh lyk so of hy die skuld aanmekeer op net een groep wil pak. So asof hy wil sê alles is nou die (kaffer)kinders en die kommuniste se skuld. En ek wil net sê dat hulle dalk ook soos die omie by die Sendingkerksinode nou die dag "begin te voel lat

die onderdrukking darem nou te erg raak".

Ek dink rêrig dat enige mens met die slagoffers van ons burgeroorlog simpatie moet hê - diepe simpatie. (En nou is ek ernstig.) Maar die voorbeeld van die dogtertjie in 'n winkelsentrum is nou rêrig 'n aanspraak op emosie; en mnr. Myburgh sê aldag mens moet nie so emosioneel oor die politiekery dink nie. En net hier val sy reeds yl argumentjies soos droë rolbos uitmekeer - so al asof 'n warrelwindjie daardeur trek. (Ek twyfel of dit nou 'n "breinstorm" kan wees - dié is maar skraal in ons ou landjie, so half skaars soos hoennertanne.)

In alle geval, die dogtertjie: Dit is tragies, mnr. Myburgh,



Mnr. NICHOLAS MYBURGH

maar dit is net so hartverskeurend dat (swart)seuntjies en dogtertjies op ander plekke doodgaan en seerkry sonder lat dit bekendgemaak word. (Of luister ons nie meer na grensstories - deesdae lokasiestories - nie? Ek het 'n vriend ... Maar dis 'n storie vir 'n anner dag.)

Die punt wat ek wil maak is net: Dié ou sakie het twee kante. So van kante gepraat; mnr. Myburgh se organisasie het dan nou kwansuis nie 'n "private side" nie. Seker ook ma' net omlaag daar onner een of anner wet, of ding, nie dááror gepraat mag word nie. Praat van wolf ska-wagter! Nee kyk Nic, so kan ons Boere darem nie vir mekaar lieg nie.

Nadat mnr. Myburgh 'n swart klappie na ou George van Niekerk ingekry het, maak hy uiteindelik 'n punt: "Ons moet wakkerskrik. Die stryd gaan lankal nie meer oor apartheid nie." Nou moet ek - al is dit wragtag moeilik - met mnr. Myburgh saamstem. Natuurlik ga' dit nie net oor apartheid nie. Dié kan ons mos sommer afskaaf. Dit

lyk my die ou landjie se mense sta' voel dit gaan ook oor rassisme. (My oupa het hoeka t'rug in '44 gesê lat die baster-nazi-geneuk nog groot droogte ga't bring in ons politiek.)

Mnr. Myburgh probeer nou grootmense bangmaak met dooie haarskeerders. Pleks hy brei uit op daai punt. Ek sal maar sommer. Ja-nee, dit lyk my dit gaan oor die algehele verwydering van apartheid en rassisme. (Soos ons op die plaas maak met skaap - uitsyn en weggooi: Vinnig en doeltreffend, sonder om die skaap onnodig te laat ly. Mnr. Myburgh weet dit tog ook.) Dit gaan oor 'n verteenwoordigende regering vir ons ou land. Nuwe woord? Ek glo darem nie. Dit gaan oor die akkommodasie. Dit gaan oor versoening. Dit lyk my dit is 'n woord wat sê deur swaarkry gaan ons saamwoon. Daars mos g'n wet wat sê dat skaap en springbok nie kan saamwei nie. Mens probeer tog nie aldag en heeldag die enigste skaduweeboom uitkap op jou plaas nie.

En oor vryemark moet ons nou nie te veel praat nie. Behalwe lat prof. Terreblanche op Stellenbosch dit ook vir hom kan sê, sê 'n vriend van my in die staatsdiens nou eendag vir my lat 46 persent van die goed in die land op een of ander manier aan die Staat behoort. So dit lyk vir my ons boer ôk maar swaar op leengoed, en oor vryemark kan ons nie te hard juig nie. Ek meen, as mens nou 'n windpomp hoor kraak, beteken dit nie noodwendig dat jy water gooi nie. En "globale implikasies"? Mnr. Myburgh wys nou weer vir ons 'n splinter in ons oog terwil ons hom probeer help om 'n balk uit sy eie oog te kry. Die Engelse koerant van laas Sondag sê juis ons en die Russe het so goeie diamantkartel.

Verder moet mnr. Myburgh nie so knaend mense uitnooi om debat te voer nie. Hy herinner so aan 'n anner ou wat ek ken. Mens kan nie 'n gesonde debat voer met voetboeie aan nie. So 'n rondneukery en opsluiterlyk lyk vir my bra onnodig. Gee hulle rêrig 'n kans om te praat, man!

En net daar, terwil ek die trane uit my oë vee, sluit die berrigie af met "skoothondjies wat nie moet tjank as die Rotweilers blaf nie". Net daar gaa't ek weer aan die lag en sê vir my vrou: "Gooi da' koffie, man!". Die mens verwar mos nou hondsdol goed met Rotweilers!

Studente steun NP

- RGN-verslag

Volgens 'n RGN-onderzoek is studente op Stellenbosch baie behoudend. PIERRE DE VOS doen verslag.

STUDENTE op Stellenbosch is skerp verdeel oor die vooruitsig van 'n swart regering in Suid-Afrika.

In 'n ondersoek wat mnr. Jannie Gagiano, dosent in Staatsleer, namens die RGN onderneem het, word bevind dat 42 persent van die studente bereid sou wees om 'n swart regering te aanvaar indien die blankes se veiligheid en regte gewaarborg sou wees, terwyl 37 persent hiervan verskil het. Die grootste groep respondente, naamlik 40 persent, het ook gesê dat 'n swart regering op die lang duur onvermydelik vir Suid-Afrika is.

53 persent van die respondente het egter gesê dat 'n oorwegend swart regering in Suid-Afrika nie 'n goeie regering vir die land kan wees nie.

In die ondersoek, waarin meer as 600 studente op Stellenbosch betrek is, het 6.4 persent van die respondente volle politieke integrasie en een mens een stem in 'n unitêre staat voorgestaan. Volgens mnr. Gagiano was daar in 'n soortgelyke peiling in 1981 slegs 2 persent van die studente wat een mens een stem ondersteun het. Die gekwalifiseerde stemreg-opsie word nou deur 4.1 persent ondersteun teenoor 1981 toe bykans 20 persent die opsie ondersteun het.

Die opname het ook getoon dat 67 persent van die studente op Stellenbosch normaalweg die Nasionale Party ondersteun, terwyl 10.2 persent aangedui het dat hulle PFP-ondersteuners is. 12.5 persent van die studente het ook aangedui dat hulle geen politieke partyvoorkeur het nie. Die onverbode studente het volgens mnr. Gagiano egter 'n linkse voorkeur. Hy meen dat slegs 14 persent van die studente 'n linkse simpatie het.

Die KP word hierteenoer deur 4.3 persent van die studente ondersteun terwyl daar 'n 18 persent simpatie vir groepe regs van die Regering is.

Volgens mnr. Gagiano het 88 persent van die studente aangetoon dat hulle dieselfde partypolitieke voorkeure as hulle ouers het.

Studente se gevoel teenoor maatreëls wat deur die regering gebruik kan word omprotestituasies te hanteer, is ook getoets getoets.

Die "repressiepotensiaal" is volgens mnr. Gagiano baie hoog onder die studente. Die opbrek van vreedsame demonstrasies deur die Polisie word deur 33 persent van die respondente gesteun, terwyl 69 persent aangedui het dat hulle dit goedkeur as die Polisie

geweld gebruik teen betogers wat ander mense se eiendom met geweld beskadig.

48 persent van die studente ondersteun dit ook dat die howe strawwe oplê aan mense wat aan boikotte deelneem en 68 persent keur dit goed dat die Weermag gebruik word om onwettige stakings te beëindig. Die Polisie sal deur 71 persent van die studente gesteun word indien hulle skiet op mense wat klippe en bottels na die Polisie gooi. 47 persent keur dit laastens ook goed dat mense aangehou word wat aan protesoptogte deelneem.

Volgens mnr. Gagiano bepaal bogenoemde faktore tot 'n groot mate die houding van die aspirant-protesteerder. " 'n Protesteerder kan dalk skrikkerig raak," meen hy. "Op Stellenbosch kan jy byvoorbeeld baie vinnig op jou dinges kry. Die Wilgenhoffers kan daar uitkom en jou fyn en flenters slaan - wat ook gebeur het."

Dit het dan ook geblyk uit studente se beskikbaarheid om aan protesaksies deel te neem waarin hulle beswaar maak teen iets waarmee hulle nie saamstem nie. 70.6 persent van die studente keur die ondertekening van 'n petisie goed, terwyl 13 persent aangedui het dat hulle dit afkeur. Protesoptogte word deur 25 persent goedgekeur en deur 63 persent afgekeur. Betrokkenheid by saakbeskadiging is deur 0.5 persent ondersteun, en deur 95 persent afgekeur. 5 persent van die respondente het ook aangedui dat deelname aan 'n boikot wel goedgekeur kan word. 71 persent was hierteen gekant.

Mnr. Gagiano sê dat hy studente se simpatiemeting bepaal het deurrespondente se houding teenoor sekere organisasies te toets. Hiervolgens is die simpatiemeting vir byvoorbeeld die UDF 10.2 persent terwyl die PFP 'n simpatietelling van 26 persent het.

Die 64 persent van die studente wat simpatiek teenoor die Regering staan, was deur die bank ook baie simpatiekgesind teenoor die SAUK. Dit wys, volgens mnr. Gagiano, "vir jou baie duidelik uit dat - hoewel die SAUK mag pleit dat hy polities onafhanklik is - dit nie die persepsie van die Stellenbosse studente is nie. Hulle persepsie is dat wat hy sê versoenbaar is, akkommodeerbaar is, in die hele establishment etos. Hy word gesien as 'one of the boys'. Hy vertel mos die storie mooi, hy maak ons nie bang nie. Hy stel ons gerus. Die SAUK kan dus heeltemal oorgee op die pretensie van hom dat hy onafhanklik is - die Stellenbosse studente het hom uitgevang."

Die Polisie, die Veiligheidspolisie en die Weermag se simpatie onder dié groep is ook baie hoog. Dit is volgens mnr. Gagiano dalk



Foto: DIE BURGER

Nasionale Party-ondersteuners is baie simpatiek teenoor die Weermag en die Polisie gesind, het mnr. Gagiano in sy ondersoek bevind.

'n aanduiding dat daar 'n veiligheidsgevoel onderliggend aan die assosiasie van die studente met al die Regeringsgesinde instansies is. "Dit vorm dalk 'n institusionele soort van skerm van die blanke Afrikanergroep. Die Veiligheidsmagte word negatief beskou deur die linkse mense en by die regs is daar net 'n effense simpatie. Jy kan dus dink dat die pro-Regeringsgevoel eintlik 'n pro-veiligheidsgevoel is. Die Regering word gesien as 'n belangrike veiligheidsmeganisme," het hy gesê.

Respondente wat met die verskillende politieke partye se beleid gekonfronteer is, het dit nie altyd herken nie. Net 36 persent van die studente het aangedui dat hulle die NP se beleid verkies. 17 persent van die Nasionale Party verkies eintlik die PFP se beleid. "Dit mag wees," sê mnr. Gagiano, "dat hulle dink dit is NP beleid, terwyl dit eintlik Prog-beleid is. Mens kan sê dat die hele vloeibaarheid in ons politiek, en al die voorspoeksels

oor hoe dinge kan verander, by die mense al 'n verwarring gewek het oor wat in wese die beleid is. Miskien omdat die NP probeer om die grootste aantal kamele in sy tent te hou, praat hy dus uit baie monde."

Die Burger word elke dag deur 43.6 persent van die studente gelees en die Cape Times deur 6.6. Nog 29 persent lees Die Burger gereeld teenoor 10.9 persent wat die Cape Times gereeld lees. 4 persent van die studente het aangetoon dat hulle nooit Die Burger lees nie, terwyl 19 persent nooit die Cape Times onder oë kry nie.

Die regstudente het as 'n groep die mees "verligte" profiel, terwyl landboustudente die mees "verkrampde" groep is. Hoewel regstudente krities teenoor die regering staan, beweeg hulle nie na 'n linkse posisie nie. "Hulle bly altyd in die veilige middel". Ingenieurs is nie so verkramp as wat die mense dink nie. As 'n groep was hulle min of meer gemiddeld.

KAMPUS-MENINGS

Wat dink jy van die ID-kaart-stelsel in die biblioteek?

Wat dink jy is die doel daarvan?



Astrid Fuhrmann

Ek dink dit is 'n tydrowende proses. Ek sien nie eintlik 'n rede daarvoor nie. Dit is seker daar vir 'n sekuriteitsdoel, maar hoekom was dit nie voorheen so nie? Ek dink dit is 'n mors van tyd.

Martie van Wyk

Ek kan nie sien waarom vreemde mense nie in die biblioteek kan ingaan nie. Ek bedoel, wat kan hulle nou doen wat verkeerd is? As dit dan nou is omdat mense boeke steel, kan ek net so goed boeke steel as vreemde mense. Dit is vir my stupid. Ek het vanoggend hoe lank in 'n ry gestaan. Ek weet nie hoe dit nou juis die sekuriteit kan bevorder nie.

Pieter Reuvers

Ek dink nie hulle sal 'n bom in die universiteit plant nie; die universiteit is half neutraal. Hier is alle rasse en so aan - ek weet nie of hulle nou juis hier 'n bom sal plant nie. Ek weet nie hoe effektief die stelsel is nie, maar dit dien seker as 'n soort afskrikmiddel. Dis nie soveel moeite om die kaart te wys nie.

Ilse Smith

Ek dink dit is 'n goeie idee, want baie mense kom hier in en loop net hier rond en hulle swot nie hier nie. Daar is dan nie plek vir die wat wel hier wil swot nie. Die doel daarvan is om die studente wat akademiese werk in die Bib wil doen, te beskerm. Baie keer is dit nogal tyd-mors om jou kaart te wys, maar ek dink nog steeds dit is 'n goeie idee.



A. STEFFENS



L. HALGRYN



P. MARAIS

MC Havenga

The system is based on contradictions. You have these people doing the job without knowing what it is all about. They end up asking questions they can't answer. They implicate a system which they can't keep up. If they would like to introduce a system, it is going to have it's mistakes. It is going to have to face the mistakes.

André Steffens

Ek sou sê om die kaarte te wys, is 'n goeie ding omdat dit jou veiligheidsbewus maak. Dit is om ons veiligheid te verseker. Aan die ander kant is dit nogal baie moeite vir ons en ek dink vir die mense wat daar staan en kyk ook. Die sekuriteit is nie voldoende nie, maar dit gee vir 'n mens 'n gevoel van veiligheid.

Leon Halgryn

In die eerste plek het ek simpatie met die armoois wat hier moet sit. Ek dink nie dit regverdig die koste vir die doel waarvoor dit daar is nie. Dit is vir my nogal aanvaarbaar dat ons ons kaarte moet kan wys op aanvraag, waar jy ook al inkom op dié manier, maar nie dat jy dit aan jou moet dra nie. Dis bietjie "silly", dink ek. Op die oomblik dink ek hulle is besig om geld te mors.

Petrus Marais

As dit bedoel is vir sekuriteitsmaatreëls kan ek heeltemal daarmee saamgaan. Maar dis vir my absoluut 'n bol . . . dat hulle verwag dat jy die kaart binne moet dra - dit is absoluut 'n inbreuk op 'n persoonlike reg van jou. As jy binne anoniem wil bly, is dit jou vrye reg. Ek dink nie die Universiteit of enige persoon kan hom die reg aanmatig dat jy jou naam op jou bors moet rondra nie.

ON RECORD

AN unnamed 11-year-old Los Angeles girl complained to the authorities that her parents used marijuana, which police found growing in their backyard. (Time Magazine)

Kom trek laer! Staanplek vir u woonwa en tent is gratis beskikbaar. (Pamflet van die Afrika-nervolkswag.)

Baarde sal netjies en volgens militêre styl geknip wees. Baarde mag nie jonger as twee maande wees nie. (Oproepinstruksies wat aan USME-lede gestuur is.)

"Ek wil niks met hierdie ou skinderkoerantjie te doen hê nie." (Die rektor van die universiteit van Durban/Westville nadat Die Matie hom om kommentaar genader het.)

Die ruiters kan maar wag/ Ja die ruiters kan maar wag/ maar na die rewwelusie (sic)/ Gaan Nusas lekker lag. (Daniël Vogel in Arti-choke.)

Jippiel Dis lekker om 'n meisie te wees! Watter meisie sal nou met 'n man wil plekke ruil? Nee waf! ('n Artikel op die diepteblad van Irawa, studentekoerant van die Vrystaatse Universiteit, oor die lekker van vrouwees!)



M. VAN WYK



P. REUVERS

Matie Art

Universiteitskoor vier Jubileum

MET hul halfeufees kan die Universiteitskoor Stellenbosch terugkyk op 'n kleurvolle, roemryke verlede. As die eerste universiteitskoor in ons land, en ook die eerste wat landswyd en buitelandse toere onderneem het, het hulle 'n groot kulturele bydrae tot ons musieklewe gelever.

Die Universiteitskoor Stellenbosch is in 1936 gestig deur William Morris, destydse musikdosent aan die Denneoord-Opleidingskollege op Stellenbosch. Reeds op 19 September daardie jaar tree die koor op saam met die Kaapstadse Simfonie-orke.

In 1940 neem Professor Gawie Cillié, sterrekundige en professor in wiskunde, die Universiteitskoor oor. Hy stel gou die koor landswyd bekend. Die eerste konserttoere word onderneem in 1952 en 1955, en radio-optredes volg.

In 1955 neem Philip McLachlan (met 'n M.Sc-graad in soölogie) die leiding van die koor oor. Hy verklein die koor se ledetal tot 60 gekleurde stemme. Dit het die uitvoering van meer veeleisende werke moontlik gemaak, en die koor het hom hoofsaaklik toegelê op onbegeleide werke. Met sy dinamiese persoonlikheid het Philip McLachlan die koor tot groot hoogtes gelei, en in 1970 het wyle Professor Hennie Joubert geskryf: *Die Stellenbosse Universiteitskoor is sonder enige twyfel Suid-Afrika se grootste musikale uitvoerprodukt.*

In 1973 en 1976 is toere na Europa onderneem. Die koor se hoë internasionale standaard was indrukwekkend, en een Paryse resensent het na 'n optrede geskryf dat dit die beste konsert was wat hy in 30 jaar bygewoon het.

In 1977 neem Johan de Villiers, 31-jarige dosent in wiskunde en oud-koorlid, die leiding van die koor oor. Twee buitelandse (na Europa en Is-

rael) en verskeie binnelandse toere word onderneem. In 1979 word die koor na 'n kultuurwerk in Passau, Wes-Duitsland, genooi en ontvang 'n staande toejuiging. Ná 'n konsert in Salzburg merk verskeie vooraanstaande musici op dat die koor die beste is wat nog ooit in Salzburg gesing het.

In 1985 neem Acáma Fick (ook 'n oud-koorlid) oor as dirigent. (Philip McLachlan het gesê dat as hy so begaafd soos sy was, hy die wêreld sou oorwin!) Sy het die premières van Pieter de Villiers se *Boerneef sing Palissandertaal* en *Drie Volksliedjies van Rehoboth-basters* gediregeer. Die koor het ook *Hoe stil kan dit word as Sedoos gaan lê* wat Arnold van Wyk aan haar opgedra het, gesing. Vanjaar was sy verantwoordelik vir die skepping van twee feeswerke in opdrag van die koor se halfeufees, naamlik *Koraalmotet*, 'n *Vaste Burg is onse God* van Professor Kobie Kloppers, en *Lokkiester, Lokkiemaan* van Roelof Temmingh.

Die *Matie* het met Acáma Fick gaan gesels.

Die koor is vanjaar 50 jaar oud. Wat word beplan om die jubileum te vier?

Die pas afgelope binnelandse toer maak deel uit van die feesvierings, asook die konserte op 18 en 25 Oktober en die koorreünie wat plaasvind tussen 13 en 15 Desember.

Wat beskou u as die hoogtepunte van die afgelope jaar?

Definitief die pas afgelope toer – die staande ovasies en entoesiastiese resensies. Daarvoor is mens altyd dankbaar.

Die koor het 'n wye, interessante repertorium. Waar kry u die musiek vandaan, en wat is die gehore se reaksie daarop?

Om musiek in die hande te kry verg baie moeite en geduld en dit



Lede van die Universiteitskoor.

moet alles van oorsee bestel word. Soms neem dit jare net om 'n antwoord te kry, en heel dikwels is dit *not available*. Ek is oortuig daarvan dat daar die een of ander boikot aan die gang is. Om 'n program saam te stel is moeilik. Mens kan nooit almal tevrede stel nie, en ek weier om kompromieë aan te gaan.

Wat u eie ondervinding betref, wat was die grootste leerskool?

Ek het geen opleiding gehad nie, en ook nie die voorregte wat vandag se studente m.b.t. koorleiding het nie. Ek is aan die diep kant ingegooi toe ek Bloemhof se koor moes afrig! Ek was van kleins af lief vir sing, het die Graad VIII-eksamen in sang geslaag, en het een jaar onder Philip McLachlan in die universiteitskoor gesing. Die praktyk is maar die beste leerskool, en daar is geen beter riglyn as mens se eie oor nie.

Laastens - wat is op die oomblik u grootste ideale vir die koor?

Ek wil graag die gewyde repertorium uitbrei soos by universiteite in Amerika en Europa, die groot skat van musiek van die Middeleeue tot die teenwoordige tyd dek, en veral die Middeleeuse werke saam met outentieke instrumente uitvoer.

Vir musiek van die Hoog-Barok en Klassieke tydperke is orkesbegeleiding nodig, en dit veroorsaak praktiese probleme. Ek sou graag wou hê dat die koor saam met die Stryksemble 'n paar werke uitvoer, en dit sou heerlik wees as ons saam kon toer!

As huldeblyk aan die koor met hul Jubileum, bied die US-Debatsvereniging in samewerking met Musicultus op 14 Oktober 'n etensuurkonsert in die Endlersaal aan.

BERTHINE VAN SCHOOR



ACÁMA FICK

EDRICH (EDMS) BPK



POSBUS 174

FOON/PHONE 71177/71137

RYNEVELDSTR./STREET 34

STELLENBOSCH

7600

PROFESSIONEEL BY NAAM (40 Jaar van Diens)

- ★ Ons neem u foto's by die gradeplegtigheid by D. F. Malan-sentrum
- ★ Kom na ons nuwe ateljee vir grade foto's saam met u ouers/vriende en geniet 'n glasie vonkelwyn met ons komplimente ter viering van u graad
- ★ Togas en bande vir alle grade beskikbaar
- ★ Afsprake kan gereël word tot 20h00
- ★ As u nie tevrede is met ons kwaliteit nie, betaal u nie
- ★ Net die beste is goed genoeg vir baie jare se harde werk
- ★ NIEMAND klop ons met raamwerk nie

EDRICH TEL. 71137

Godsdiens in eietydse beeld

'n AANTAL kunswerke met religieuse temas – almal deur Kaapse kunstenaars – word tans in die Dorpstraat-Gallery tentoongestel. Die uitstalling is deel van 'n kunsefees wat dien as voltooiing van Marius Lourens, 'n student aan die Kweekskool, se lisensiaatskripsie in teologie (Godsdienstige Kuns as Teologiese Hermeneutiek).

'n Klinkklare definisie van religieuse kuns in die twintigste eeu is bykans 'n onmoontlikheid. As seismografiese refleksie van die tydsees, gaan enige uitdrukking gewoonlik veel verder as persoonlike belydenis.

Die uitstalling bied 'n breë perspektief op hierdie kwessie. Die etse van John van Reenen illustreer die Ou Testamentiese geskiedenis van Moses – die kliptafels in enorme hande – en die gelykenis van die saaiër, amper nonchalant aan't saai

terwyl 'n duif in die lug waak.

Marius Lourens interpreteer die geskiedenis in eietydse – en plaaslike – idioom; Christus word weggelei met die Ou Hoofgebou as agtergrond, die Goeie Herder beweeg deur Dorpstraat voor die Kweekskool verby. *Avondmaal* (1986), is 'n Wes-Kaapse variasie op die tradisionele Da Vinci komposisie: Christus deel die tafel met wit, swart en bruin, en Tafelberg is sigbaar deur die venster.

Louis Jansen van Vuuren interpreteer *Openbaring 10* in dieselfde milieu – 'n triptiek met die boodskap: *dat daar geen tyd meer sal wees nie*. Die *Pase-siklus* bied 'n torso met uitgestrekte arms (liggaamsdruk gekombineer met potlood), die spykerwonde duidelik in die hande – 'n Christus met hare op sy bors, Christus die Mens!

Ook die werke van Milene Rust

weerspreek enige gemaklike saligheid. Teenoor die snoesigheid van 'n Van der Westhuizen-*Avondmaal*, plaas haar reeks, *Die huis van die vader het baie wonings*, die kruis midde in ons samelewing. Binne in plaaslike konteks word dié boodskap in Afrika-simbole en gebalde vuiste ondersoek.

Die werk van Caroline van der Merwe is beslis 'n hoogtepunt van die uitstalling. Haar sketse en beelde is van hoogstaande gehalte. Die worstelstryd van die drie geblinddoekte, hangende figure, die gebonde liggaam, vasgedraai in doeke, word opgelos in 'n reeks brons beelde. Die gebroke liggaam (oopgespalk en magteloos in *Torso Africa*) word vrygemaak in *Liberation* en *Phoenix* om wortel te skiet in *Tree of Life* – in die dood, dus, die lewe!

Die uitstalling duur tot 25 Oktober.

KOBIE SWART

MOVIE REVIEW

Kortsluit jou lagstroombaan

Short Circuit
Geregisseer deur John Badham. Met Ally Sheedy, Steve Guttenberg, Fisher Stevens, Austin Pendleton, en G.W. Bailey.

NOMMER 5 is nie 'n alledaagse, vriendelike huislike ou robot nie. Jy sou hom allermins by die huis kry, besig om kinderoppasser te speel. Nummer 5, en sy maatjies 1, 2, 3 en 4 is dodelike oorlogsmasjiene wat enige aanval binne oomblikke kan vernietig.

Sy rêrige naam is S.A.I.N.T., nommer 5, oftewel *Strategic Artificial Intelligent Nuclear Transport*, en sy vervaardigers is besig om aan 'n groep Verskriklik Belangrike Mense te wys dat die vyf *saints* enigiets kan verwyder wat 'n geveerloop in hul rigting mik.

Maar terwyl een van die robotte aan 'n kragbron gekoppel is, tref 'n weerligstraal 'n kragmas en die robot (wat natuurlik ons held nr 5 is) kry 'n oormaat elektrone in sy sentrale senuweestelsel.

Nr 5 word teruggestuur na die demonstrasie, maar verdwaal op pad om met ligskakelaars te speel en om vir 'n oulike koffiemasjientjie te fluit. Uiteindelik beland hy in 'n vullistrok, vasbeslote op pad weg van NOVA hoofkwartiere af.

Teen die tyd wat enigiemand agterkom dat nr 5 weg is, het hy 'n vlinder gejaag en van die vullistrok

afgeval. Na 'n gesprek met 'n paar koeie vat hy rustig die pad.

Terug by NOVA... is die manne sommer baie bekommerd. Nr 5 is nie net 11 miljoen dollar werd nie, hy is ook 'n staatsgeheim en, aangesien iemand vergeet het om hom te ontwapen, loop hy met 'n ontsettend gevaarlike klein boksie op sy linkerskouer rond. En sover hulle weet, is hy 'n mal robot wat net dalk sal besluit om alles te vaporize wat hom kwaad maak.

Na baie avonture ontmoet nr 5 vir Stephanie, 'n mooi jong caterer wat 'n huisvol diere het en net te bly is om vir 'n vriendelike ruimteman-

netjie ook plek te maak. Nr 5 sekk net "input", of informasie, dus lees hy blitsvinnig al Stephanie se boeke en ensiklopedieë en kyk dan heel-aand TV.

Die groot wegkruipertjiespel begin met NOVA wat genadeloos vir 5 wil vernietig, en 5 se skepper, die meisiesku dr Crosby, wat uiteindelik ook dje waarheid besef. Dis net drie wesens teen 'n magtige veiligheidspolisie, en die res van die flik is opwindend genoeg om enigiemand wawyd wakker op die rand van hul sitplek te hou.

Die rolprent as geheel het baie goed geslaag. Alhoewel die tema soortgelyk aan E.T. is, is dit geen 'n kiddieflik nie. Die humor is skerp en onophoudelik vinnig, en gelukkig nie slapstick nie. (Ek haat slapstick!)

Nommer 5 is natuurlik die ster van die show, weens sy beweeglike "wenkbroue" en uitdrukkingvolle stemtone.

Ally Sheedy kom tweede met 'n effens meer volwasse rol as haar vorige fliks.

Steve Guttenberg is geloofbaar as die teruggetrokke dr Crosby; sy robotte hetoor die algemeen sprankelender persoonlikhede as hyself.

Ek het net een aanbeveling om te maak omtrent hierdie flik: as jy enigins depressief voel, of net lus is om te gaan flik; GAAN KYK *SHORT CIRCUIT!*

Jy sal jouself nooit kan vergewe as jy dit mis nie.

LINDA BORCHERDS



Ally Sheedy as Stephanie

Rugger Bugger scare-crows don't scare me!

THE common old scarecrow, traditionally a device posted on cultivated ground to deter birds or animals from disturbing seedlings or shoots, often features in literature. (Sometimes with rather malevolent connotations.)

The Wizard of Oz however, a well-known children's story, describes the scarecrow as an innocent but somewhat brainless chap. This image of the scarecrow was the one I found to be more appealing when dealing with the Stellenbosch variety.

Although electronic devices using recorded sound-effects have been found to be more effective by the modern farmer, scarecrows can still be seen today in many strawberry patches.

Could the scarecrow be seen as an art form?

Well, not really, but they are an annual attraction on Stellenbosch farms and do have a certain crafty value.

This year a real innovation was introduced: A motley team of "Rugger Bugger" mannequins. Recognizable as the WP and Transvaal teams, they're battling it out in the 1986 Currie Cup Final next to the Stellenbosch/Strand road.

Another display which we visited, is situated on the Mooi Berge farm further along the same road. This charming group of about thirty are of the more conventional variety; made of an assortment of materials including waste disposal bags, old cushions, curtains and buttons.

The most striking examples in-

clude a farm horse mannequin pulling a tractor in which are seated three grinning specimens. A "dotty" scarecrow lady astride a technicolour ostrich accompanies them.

Other mannequins which caught my eye were two motorcyclists, hunched grotesquely over their bike; and a drunken farm labourer waving a bottle of wine. (Suggestive of the sinister variety mentioned earlier.)

Close-up the scarecrows are understandably not technically well made, but from a distance these colourful figures evoke memories of childhood dreams, (sinister or otherwise) in which scarecrows come alive bringing childish ecstasy or sheer terror.

LISA MARRINER



FILM

Vrydag 10 Oktober

Big trouble in little China en Grandview U.S.A draai in Stellenbosch. (Cine's). Tot 16 Oktober.



Monday 13 October

'n Groot moet as jy dit nog nie gesien het nie, is *La Traviata*. Dit draai op Stellenbosch in Cine 1 om 6.30 alleenlik. Tot 16 Oktober.

KUNS

Thursday 9 October

The South African National Gallery (Gardens, Cape Town), is presently hosting an exhibition of 20th Century European Sculpture. The exhibition includes works by Auguste Rodin, Henry Laurens, Germaine Richier and Emile Antoine Bourdelle. The exhibition runs until 19 October.



Thursday 9 October

An exhibition of African Tribal Art is on show in "The Annexe" of the South African National Gallery (Gardens). The exhibition comprises of tribal sculptures and everyday objects. A wide variety of different political, social and religious customs are represented. Works on display include fertility dolls, masks, baskets, pots and textiles. The exhibition closes on 12 October.

Tuesday 14 October

A selection of audio-visual artworks will be presented at an evening Street Theatre. Compiled by third year graphic art students, this should prove to be an imaginative feast for the senses. The show begins at 19h30.

MUSIEK

Woensdag 15 Oktober

Musicultus se jaarlikse komposisie-aand word om 20h00 in die Endlersaal aangebied. Nuwe komposisies van studente word voorgedra. Toegang gratis.



Sondag 19 Oktober

Die afskeidskonsert van Dr. Paul Loeb van Zuilenburg as dirigent van die U.S. Blaasorkes vind in die Endlersaal plaas. Roy Lilley en Paul Loeb van Zuilenburg sal as soliste optree. Toegangsgelde is R1, en kaartjies is by die deure beskikbaar. Deure open om 19h45.

Donderdag 23 Oktober

Die Konservatorium-Orkes onder leiding van Lona Antoniadis gee 'n laatmiddagkonsert in die Endlersaal, met werke van onder andere Vivaldi, Haydn en Elgar. Toegang gratis.

Sondag 26 Oktober

Die U.S.Strykensemble se laaste uitvoering van 1986 vind om 20h15 in die Endlersaal plaas. Die gewilde groep musici wat verlede jaar groot welslae in die buiteland behaal het sal onder andere Saint-Saëns se *Karnaval van die Diere* uitvoer.



Tuesday 14 October

A Make-over is die titel van 'n mode-aand wat deur Intercoiffure Roland in die H.B.Thom aangebied word.

matie munch

Bobby McGee's

TOE die kelnerin die Fillet Hiawatha voor my neersit het ek met gemengde gevoelens daarna gekyk. Die geur was beslis belovend, maar vir R13,95 het die vierkantige stukkie vleis darem baie verlore op die groot bord gelyk. Nadat ek egter die keurig voorbereide vleis met die seekosvulsel geproe het, het ek geweet dat die beweringe dat Bobby McGee's die beste biefstuk in Stellenbosch bedien, heeltemal gegrond is. Die vars groente en ander bykosse soos Rica à la McGee's of gebakte aartappel met suurroom maak 'n ete by Bobby McGee's 'n ete duisend.

Behalwe kwaliteit bied Bobby McGee's 'n goeie verskeidenheid, wat 'n paar besonderse geregte soos Mandarin Cocktail, Perlemoen Schnitzel, Paella en Chicken Louisiana insluit. Laasgenoemde is hoenderbors wat in kaas- en garnaalsous gaargemaak word.

Die wynlys bied 'n wye verskeidenheid Suid-Afrikaanse wyne teen goed vergelykende pryse. Sluit jou feesmaal gerus af met die tuisgemaakte vanillaroomys en toffiesous.

Die atmosfeer in die restaurant is bekoorlik. Die vuilpienk bekleedsels en tafeldoekke skep saam met die houtafwerkings 'n gevoel van warmte en in die winter brand daar 'n kaggelvuur wat dit nog meer gesellig maak. 'n Versameling koperblaasinstrumente teen 'n muur gemonteer getuig van oorspronklikheid en maak deel uit van die kunstige dekor.

Die diens by Bobby McGee's is flink, en as jy dalk 'n paar oomblikke moet wag vir jou tafel is daar 'n kroegtoonbank by die ingang om 'n glasië sjerrie by te geniet. Gesien die restaurant baie gewild is, is dit noodsaaklik om vooraf te bespreek en teleurstelling te voorkom.

Bobby McGee's se pryse is redelik hoog, maar as jy iets spesiaals het om te vier en verseker wil wees van besondere waarde vir geld, kan jy beswaarlik 'n beter keuse maak.

Oudekraal

Om student te wees is om plat-sak en weg van die kospotte van Egipte te wees. As jy dus lus het vir 'n heerlike bord kos wat jou sal herinner aan jou ma s'n en wat jou bankrekening nie te veel skade sal berokken nie, is Oudekraal net die plek om te gaan aanklop. Van atmosfeer en kunstige dekor is daar nie eintlik sprake nie, maar die kwaliteit is puik.

Oudekraal maak uit en uit voorsiening vir die behoeftes van studente en vir so min as R25,00 kan jy en jou metgesel geregte soos Veal Cordon Bleu, Spare Ribs, Kruisskyf, Tongvis en Steurgarnale plus nagereg geniet. Alle geregte word met slaaie, drie tot vier soorte vars groente en 'n gebakte aartappel of skyfies bedien.

Daar is ook daaglik 'n aparte spyskaart met spesiale aanbiedings en dit is hier waar die eintlike winskope is. Hoe klink Oudekraal "Bekrek" Burger vir R2,95, Chicken à la King vir R3,05 of Perlemoen vir R6,75? En die lekkerbekke kan Tant Nellie se Roompoffertjies vir R1,50 of Patricia se Kaaskoek, ook R1,50, probeer.

Oudekraal is nie gelisensieerd nie - onthou dus om self iets te drinke saam te neem. 'n Wye verskeidenheid nie-alkoholiese drankies is wel beskikbaar.

In November open die nuwe deel van die restaurant wat tans in aanbou is. Volgens die bestuur van Oudekraal is die idee met die uitbreiding "Dine & Dance". Bekende musikante en groepe soos Josh Sithole, Private Property en Radiation sal musiek verskaf. Dieselfde geregte teen die gewone pryse sal hier bedien word en die oorspronklike deel van die restaurant sal soos voorheen funksioneer.

Met dié oorspronklike idee, wat beslis 'n nuutjie op Stellenbosch sal wees, behoort Oudekraal 'n gewilde kuierplek vir studente te word.

Deur **LIEBE VERSTER**

Rape on campus investigated

By **MARGUERITE MOODY**

A WOMAN is raped every five minutes in South Africa.

This is stated by a worker of the Rape Crisis Centre in Cape Town. She said that only a very small percentage of rapes is reported to the authorities - most victims prefer to remain silent about the crime.

Col Ivan Bester, head of Risiko-bestuur on campus, said no cases of rape in Stellenbosch had been reported to Kampusbeheer for the past two years.

Col Wessels, commander of the Stellenbosch police station, said only one white woman had reported a rape this year, while the figure for non-whites was 3 to 5 cases reported per month.

A well-known medical doctor in Stellenbosch, who cannot be named, is of the opinion that these figures can be misleading.

He said the majority of rape victims is reluctant to report the crime, as "they cannot stand the shame of it and are afraid the authorities will be unsympathetic toward them."

Said one rape victim: "I didn't want to go to the police because I was afraid they would think I had been leading the rapist on."

According to the medical doctor the misconception exists that the victim is mainly responsible for what had happened to her, because of the way she had been dressed or as a result of her attitude.

He stated that rape can happen to any woman, regardless of social class, age or race.

Rape can cause severe psychological damage to the victim. Mr Hendrik Kotzé, Senior Clinical Psychologist at the University's Centre for Psychological Services, said the short-term effects on the victim often include disintegration of personality, while the long-term effects can include a negative self-image, depression, guilt feelings and a distrust and often fear of men.

Interpersonal relationships are also often affected. It is thus es-

sential for the rape victim to receive professional psychological help as soon as possible.

According to the medical doctor, it is misleading to think that rape is a sexual deed.

"The rapist usually feels no sexual desire for his victim. His aim is to debase and degrade her.

"Rapists are not sex-maniacs. They rape because they get a feeling of power from it, or because they want to get rid of frustration, hatred or anger by taking it out on someone else.

What should a woman do when she is attacked?

Col Bester said the first thing to do is to scream. If this has no effect, the best would be to try and get the rapist talking, and to try and unnerve him psychologically.

The victim should not try to resist her attacker, unless she knows she can overpower him and get away. Otherwise, fighting back will increase the possibility of serious injury, he said.

She should also try to remember what the attacker looks like.

The aftermath of rape. A secure counselling situation lets victims explore their feelings and regain their self-esteem. Even after some time has elapsed counselling can help to ease emotional damage. It is thus essential that rape victims receive professional psychological counselling as soon as possible.



"Rape is thus an act of violence, rather than a sexual act," the doctor said.

Col Bester is of the opinion that the rapist usually has the event well-planned in advance. The woman is taken by surprise and is always at a disadvantage because she is off guard.

"The time when rape is most likely to occur, is in the early evening and at night. No female student should walk alone at this time and she should only follow recognised routes on campus," he said.

It is essential that she report the incident either to the police, or to Kampusbeheer, Col Bester said.

This will usually lead to a medical examination.

According to Mr Kotzé the victim should make arrangements for psychological counselling as soon as possible, and if pregnancy has occurred, make arrangements for a legal abortion. (Abortion is legal in South Africa in cases of rape.)

The U.S. Clinical Psychological Crisis Centre (6153) is open at all hours. Rape Crisis can be contacted at (021-47976).

STELMONT 4

... and I promise I will build more low income housing!



This from the man who brought us low income!



radio matie top 10

Verlede Week		6 - 10 Oktober	
1.	3.	Genesis	Invisible Touch
2.	4.	Art of noise	Paranoia
3.	1.	Chris de Burgh	Lady in red
4.	2.	Lionel Richie	Dancing on the ceiling
5.	12.	Chris Rea	On the beach
6.	5.	Level 42	Lessons in Love
7.	—	Berlin	Take my breath away
8.	7.	OMD	If you leave
9.	9.	Mr Mister	Kyrie
10.	8.	Suzanne Vega	Left of centre

FOTO'S - FOTO'S - FOTO'S - FOTO'S - FOTO'S

DIE STUDENT SE FOTOGRAAF

REGISTRASIEFOTO'S - HUWELIKSFOTO'S - PASPOORTFOTO'S EN PERSOONSKAARTFOTO'S TERWYL U WAG

ONS IS ALTYD OP SOEK NA MOOI MEISIES VIR PORTRET-FOTO'S

Foto Studio Lockley

(Albert Langeberg)

Professional & Licensed Photographer

MEMBER OF THE INSTITUTE OF PHOTOGRAPHERS
AERIAL, PORTRAITS, WEDDINGS, GROUP, & INDUSTRIAL

PLEINSTRAAT 21, STELLENBOSCH 7600, SOUTH AFRICA — TELEPHONE (02231) 3131

ECC se regte ontnem Ossewa: 'n simbool van die volkskarakter

S. Heymans en H. Hayes skryf:

DIE verbanning van die ECC op kampus blyk die produk te wees van 'n ongelukkige magsrelasie tussen Staat en individu, waarin eersgenoemde party se soewereine mag deur middel van wegewing gelegitiemer word.

Die huidige noodmaatreëls plaas 'n verbod op die individu en/of groeperinge om die huidige stelsel van verpligte militêre diensplig te opponer. Die oorskryding van genoemde maatreël is strafbaar met tot 10 jaar tronkstraf of alternatiewelik 'n boete van R20 000.

Die ECC se fundamentele reg tot vryheid van spraak word hom onder die huidige nooi-toestand summier ontse. Die ECC beywer sigself vir:

- die beëindiging van verpligte militêre diensplig en;
- die beëindiging van toenemende militarisasie binnelands en aan ons landsgrense.

Die ECC eis:

- die reg tot alternatiewe diensplig op grond van religieuse, sowel as morele, etiese en politieke gronde;
 - die reg tot die verrigting van alternatiewe diensplig in nie-regeringsinstellings, byvoorbeeld die kerk en in die gemeenskap;
 - 'n billike alternatiewe dienspligperiode, dit wil sê drie in plaas van die huidige ses jaar.
- In die lig van bovermelde verlang ons as skrywers van hierdie brief:
- die ontbanning van die ECC op kampus;
 - die erkenning van die ECC se fundamentele reg tot vryheid van spraak;
 - die erkenning van die ECC se reg tot organisatoriese vryheid;
 - die reg tot registrasie by die SR as organisasie; wat sou impliseer die gebruik van universiteitslokale sowel as die hou van openbare vergaderings.

Klaar uit die Linkse Noordweste skryf:

Uittreksel: "Politiek en kultuur verskil. Digter is polities naïef, omdat skoenmaker nie goed kan lees nie. My naam is Great Dane en ek hou nie van foksterriers nie."

- Vic MyWolf

DIE negatiewe publisiteit van die afgelope tyd rondom die ossewa-kwessie het weereens die beeld van die universiteit geweldig skade berokken.

Die ossewa is tradisioneel 'n simbool wat die volkskarakter van die universiteit goed reflekteer. Vir die twyfelars sou gevra kon word, hoekom het die duikplank-insident nie soveel publisiteit gekry nie?

Die antwoord is eenvoudig: eerstens het die swembad goed beskermende doringdraad om. Tweedens is dit simbolies van Westerse permissiewe waardes.

Noord Ierland het byvoorbeeld twee keer meer duikplanke as Suid-Afrika en in die internasionale ondermyningsoorlog waaronder eersgenoemde land gebuk gaan, het hul gevind dat hul twee keer meer swembaddens moes kry met doringdraad rondom. Alhoewel Suid-Afrika meer duikplanke het as ander Afrika-state, het geen Afrika-universiteit 'n ossewa nie.

Dubbele standaard moet dus beveg word.

Só 'n stryd behoort 80 persent moreel-polities te wees en 20 persent militêr.

Twintig persent is die ideaal maar as dit nood is, is dit nood en dan militariseer ons 20,5 persent of meer. Permissiwiteit en subversiwiteit kan nie toegelaat word om

in hul naakte gedaantes die kampus onregeerbaar te maak nie.

Kritiek

'n Mens moet egter ook krities na jouself kyk en hand in eie boesem steek. N.P. van Wyk Louw, 'n naionaal bekende kritiese deskundige, het immers gesê: "n Volk sonder kritiek is verlore".

In hierdie verband vra 'n mens jouself die vraag af of dit die regte ding sal wees om die ossewa nou uit die Neelsie te verwyder soos

Impotensie moet in die tye waarin ons leef plek maak vir potensie.

Die pantserplaat van die Kasper is immers 15mm teenoor die nie eers 1mm van die ossewa seil nie. Dit beteken dat self nie eers 'n Russies vervaardigde ka74 klip deur die pantser sal dring nie.

Nugter mense moet wakker slaap, ons leef nie meer in die era van paternalistiese-victoriaanse-oorlogvoering nie - dis outdated.

Boodskap

Ons volkslied sal ons volkslied bly. Verdagmakery rondom die kreun van ossewa sal nie geduld word nie. By die volkslied sal ons 'n vredeslied kry, al kos dit ook wat.

Soos wat die aanslag op alle fronte toeneem (wat reeds totaal is) veral ekonomies, sal ons selfs aan die kommuniste verkoop as dit dan moet. En wie sal die meeste ly - hulle - hulle wat geen regering wil hê nie, hulle wat die land wil onregeer.

Vir MyWolf en sy trawante wil ek sê - soos ek aangetoon het in my analise in my eie styl en ou-boetie s'n.

Politiek kan gedig word - mits jy nie self digter is en dit glad nie verstaan nie. Oor kultuur en politiek hoef mens niks meer te sê nie as jy nie verstaan nie.

Party ouens verstaan die kuns van die hele ou gedoente beter as baie - veral ou Lasarus. Intussen is my raad aan jou om te leer van die neukery met die ossewa en ander dinge.

Stut so 'n bietjie en hammer jou wurmvet kop so 'n slaggie ten einde jou sinne te kry en oulaas nonsens te teel.



wat die owerhede beplan. As dit moet dan moet dit seker maar.

Die verwydering van die ossewa uit die Neelsie kan dalk teenproduktief wees. Dit mag dalk net wees dat iemand binnekort 'n plakker laat druk met "Maties doen dit op die Neelsie-banke" daarop. So 'n situasie kan mos nie.

Daarom wonder enige regdenkende gematigde mens of die owerhede nie miskien die ossewa met n Kasper moet vervang nie.

USME staan sy plek op US vol

Kol. Ivan Bester skryf: DIT gaan goed met die Universiteit se Militêre Eenheid.

Daar is vroeër vanjaar nou saamgewerk met die Studenteraad en die eenheid was behulpsaam met die aanbiedinge gedurende die Studentebelangeweek. Daar was 'n uitvoering van die SAKK orkes, die wapenuitstalling en die USME parade.

Gedurende die Junie-vakansie het 'n groot aantal lede van bewaking-

en bevorderingskursusse meegemaak wat hierdie persone baie gaan help met hul toekomstige militêre loopbane.

Die eenheid is besonder dankbaar vir die puik samewerking wat dit geniet van die Universiteitsowerhede, sy lede, die Studenteraad en ook die Studente-Unie. Dit alles het bygedra dat die eenheid die nodige erkenning kry, sy plek volstaan en die nodige diens aan sy lede en die land kan lewer.

Word weer solvent

NÁ afloop van die universiteitsvakansie sal 'n groot aantal studente weer solvent wees. Hierdie studente sal deel uitmaak van verkoopstoere wat deur verskeie firmas uitgestuur word.

Verkoopstoere is al sinoniem met universiteitsvakansies en kan finansiële as die belowendste


vakansiewerk beskou word.

Een van hierdie firmas, Stelmark Verspreiders, bied elke vakansie, insluitend in Januarie, verkoopstoere aan.

Belangstellendes kan Willem Bester by ☎ 79 590 of 75 592 kontak vir verdere besonderhede.

VAKANSIEWERK WAAROM VIR STELMARK KOM TOER.

STELMARK Verspreiders Distributors



VERKOOPSTOERE

April/Junie/September/Desember/Januarie

KOM KUIER BY OF BEL NET

WILLEM BEKKER
QUARTA W/S 5
(oorkant Dagbreek
op die hoek)
STELLENBOSCH
TEL. 02231-79590

JOHAN STIGLINGH
BIRDSTR 135
(Op pad na N1)
STELLENBOSCH
TEL. 75592

- Die mees ervare toerleiers werk vir die mees dinamiese toergroep.
- Die hoogste gemiddelde verdienste word keer op keer gehandhaaf.
- Nie slegs die toerleiers is die topverdieners nie.
- Produkte op gereelde grondslag by markomstandighede aangepas.
- Stelmark bly gewild toer na toer by hulle gereelde kliënte.
- Stelmark is vir Maties deur Maties.

Ek stel belang in vakansiewerk by Stelmark

NAAM

TEL.....

ADRES

..... POSKODE.....

Pos asb aan Stelmark Verspreiders
Posbus 6089
Stellenbosch
7600

Matie SPORT

Waterpolo: League game 10 October

Krieket: II-span hervat spel 10 Oktober

Triathlon: Competition for all 15 October

Stoei: Ope toernooi in PE 18 Oktober



FOTO: Deon Sonnekus

Russel Burton-Durham (US), with the dark cap, races after the ball in their clash against Vineyard. See article on page 23.



Andy Turner (US) gooi vir Gert Wiese (Stikland) met 'n "flying mare" om die goue medalje in die 82-90 kg-afdeling van die WP-kampioenskappe te wen. FOTO: Deon Sonnekus

Stoei

Drie Maties beste in WP

Deur ons Stoeiverslaggewer
DRIE Maties het verlede Saterdag as WP-kampioene vir 1986 van die stoemat in die D.F. Malan-sportsaal opgestaan.

Ian Downie, wat lank weens 'n spierbesering uit aksie was, het puik gestoei in die 66-70 kg-afdeling en die goue medalje verower. Schalk Visagie het die 70-74 kg-afdeling gewen, en Andy Turner het die goue medalje in die 82-90 kg-afdeling verower.

Teenstand

Buiten dié drie goue medaljes het die US-Stoekklub ook 'n silwer en twee bronsmedaljes gewen. Altesame tien Maties het aan die toernooi deelgeneem.

In die 62-66 kg-afdeling het André Britz vir die Maties gestoei, maar met die strawwe teenstand van 'n SA-kampioen in dié afdeling kon hy nie 'n medalje verower nie.

John de Wet was ietwat moeg ná hy baie gewig moes verloor om in die 70-74 kg-afdeling te stoei en kon glad nie sy beste vertoning lewer nie.

Teleurgestel

In die 74-78 kg-afdeling het André Schoonraad en NJ van As vir Maties gestoei. Schoonraad, wat 'n goue medalje gewen het by die SAU-toernooi, het teleurgestel. Nóg hy nóg Van As kon te midde van die kwaai teenstand in dié afdeling 'n medalje verower.

André Koegelenberg en Riaan van der Mescht het in die 78-82 kg-afdeling gesukkel teen Alan Heeger van Stikland. Van der Mescht was voor met punte tot vyf sekondes voor die einde van die geveg. Hy het egter twee punte verloor toe hy met 'n "gut-wringing" gedraai is en dit het hom die geveg gekos.

In sy geveg teen Koegelenberg

moes Van der Mescht onttrek toe hy sy nek beseer het. Koegelenberg het die silwermedalje verower en Van der Mescht die bronsmedalje.

Andy Turner, Gert Wiese en Anton Odendal moes sake in die 82-90 kg-afdeling uitspook. Turner en Wiese voer reeds lank 'n stryd om te bepaal wie die beste is. Andy het eers vir Odendal, 'n junior-Springbok, met 'n vaspensval in die tweede ronde geklop toe die telling 18-6 in Turner se guns was.

Vaspensval

Turner het Wiese daarna om die goue medalje aangedurf. Na 1 min 43 sek het Turner vir Wiese vasgepen ná hy hom met 'n "flying mare" gegooi het.

● Die WP-kampioene stoei op 18 Oktober in Port Elizabeth teen die OP om die Dirkie Kotze-trofee.

Triathlon — fun for all

By ANDY WILLIAMS

TRIATHLON is a sport which is fast gaining in popularity with every season.

Matie students have the opportunity to experience this new sport on the 15th October. A fun triathlon with distances favourable for everyone has been organised.

The triathlon starts with a 400m swim, then a 5km run and finally a scenic ride of 10km along the Jonkershoek road. Prizes for the winners in the respective categories and numerous spot prizes will be handed out afterwards at a "Happy-Hour" in the Lanzerac student tavern.

Registration takes place at the Lanzerac between 15h00 and 16h45. The event starts at 17h00 and the entry fee is R2.

Gholf

Vogel eerste in US

Deur NIKKI BRYNARD

MICHAEL VOGEL het die A-afdeling van die Matie-gholfklub se onlangse toernooi gewen. Francois Hanekom en Bertho Nel het onderskeidelik tweede en derde geëindig, terwyl Gerhard Labuschagne en Attie Dykstra onderskeidelik die B- en C-afdelings gewen het.

Die Matie-gholfklub is by die Boland-liga geaffilieer. Die eerste span, wat uit ses lede bestaan, speel in die Kruger- of eerste span en die tweedespan in die Brody- of tweedespan.

Die klub spog met vier Boland-spelers. Hulle is Francois Hanekom, Bertho Nel, Ludwig Verkuil en Michael Vogel. Boland het die SA Plattelandse-toernooi gewen, waarna Francois Hanekom en Ludwig Verkuil vir die SA Plattelandse-span gekies is.

In Junie het Maties derde geëindig in die wêreldtoernooi vir universiteite op St. Andrews, Skotland.

Maties was ook verlede jaar die wenner van die SA Universiteit-toernooi. Francois Hanekom was individuele wenner. Vanjaar word dié toernooi van 1 tot 5 Desember in Port Elizabeth gehou.

Kelly Fairweather, Francois Hanekom, Jan Heunis, Bertho Nel, Jacques Schreuder, Gerhard van der Westhuizen, Ludwig Verkuil en Michael Vogel gaan Stellenbosch se titel verdedig. Maties gaan moontlik ook 'n vrouespan na die toernooi stuur.

● Die Matie-gholfklub, wat al baie jare bestaan, het eers die afgelope twee tot drie jaar 'n groot oplewing getoon. Daar is sowat 'n honderd lede, waarvan veertig gereeld speel. Daar is ook 'n klein aantal vrouespelers en die klub soek steeds na belangstellendes.

Lede kan verniet afgerig word. Klubkompetisies word elke Vrydagmiddag gehou en daar is volop geleentheid om aan huuspelkompetisies soos die Strand, West Lake en Milnerton Opetoernooie deel te neem.

Bofbal

US verloor naelskraap

Deur FANIE NOTHNAGEL

MATIES het die nuwe bofbalseisoen op 'n hoë noot begin deur hulle eerste wedstryd teen die Universiteit van Kaapstad, die vorige ligawenners en 'n voormalige eerste span, naelskraap te verloor.

Maties, wat slegs vir die tweede seisoen in die Promosieliga deelneem, het met 9-6 verloor.

Die bofbalklub beplan baie nuwe en interessante projekte vir die seisoen, waarvan die meeste in die eerste kwartaal van 1987 sal plaasvind. Daar word beoog om 'n weeklange toernooi vir koshuise aan te bied.

Die afrigters van die Westelike Provinsie se bofbalspan en huidige Springbokspelers het ook ingestem om 'n beginnerskursus aan te bied. 'n Intervarsity teen Ikeys word ook in die vooruitsig gestel.

Die bofbalklub gaan in Desember vanjaar aan 'n SAU-toernooi deelneem.



Enigiemand kan bofbal speel. Daar word op Maandae en Woensdae om 5 nm op Coetzenburg geoefen. Die US-bofbalspan vaar besonder goed as in ag geneem word dat die slegs hulle tweede seisoen is wat hulle in die promosieliga speel.

Sewe-aan-'n-kant-rugby

Akkerspan is een te veel vir Gold Stars

Deur TONE NEL.

DIE Akker A-span het Saterdag geen probleme ondervind om na die finaal van die Sperry sewe-aan-'n-kant toernooi deur te dring nie. Hulle het Rawsonville met 46-0 en Jonkershoek met 32-0 gewen.

In 'n opwindende en spannende eindstryd moes die Akkers tot in beseringstyd spook om die Gold Stars se A-span onder aanvoering van die WP o/20 haker, Johan van der Merwe, met 10-6 te wen. Die wendrie deur Stefaan Raubenheimer was die Akker se sestiende drie van die toernooi.

Die Akkers het altesame 88 punte opgestapel en slegs 6 afgestaan. Piet Kroukamp van die Akkers en Welcome Dinteni van Sbashore was die top-driedrukkers van die dag met 4 drieë elk.

Die toernooi is op 'n uitklopbasis beslis en twaalf klubs van die Wynland-unie en die SARA-liga het sake uitgespook.

In die eerste ronde het Gold Stars verras deur die gunsteling Sbashore van Newcastle met 10-6 te klop. Sbashore het met spelers soos Aubrey Gidane en Morgan Kushe gespog.

Gidane is as die Mining Sun speler van die jaar aangewys terwyl die veteraan Morgan Cushe in 1975 vir die SA Barbarians gespeel het.

Sbashore het egter bewys dat hulle nie al die pad verniet gekom het nie en in die plaat-finaal met Golden Stars se B-span afgereken. Die telsing was 26-0.

Die hoogtepunt van die dag was sekerlik toe twee oud Springbokspanne, met elk sewe spelers aan 'n kant teen twee Akker uitnodigingspanne te staan gekom het in twee vertoonwedstryde.

Tot groot vermaak van die toeskouers het die helde van weleer – onder wie groot name soos Morné du Plessis, Boland Coetzee, Ian

McCullum en Divan Serfontein – die bal na hartelus rondgegooi en hul teenstanders heeltemal oorskaadu.

Niemand het telling gehou nie maar almal was dit eens dat Dawie Snyman vandag nog steeds geen Springbokspan in die steek sal laat nie.

John Donaldson, die organiseerder van die toernooi, het na afloop van die dag gesê die toernooi het vir veral die swart klubs 'n geleentheid geskep om in mini-rugby te kompeteer.

Dit is net jammer dat die toernooi op 'n Saterdag gereël moes word. Verskeie SARA-klubs kon die toernooi nie bywoon nie omdat die meeste van hul spelers dan werk.

Die borge van die dag, Sperry, was so beïndruk dat hul verteenwoordiger, mnr. John Moolman, die Akkers verseker het dat sy maatskappy die toernooi aanstaande jaar weer sal borg.



FOTO: Deon Sonnekus
Johan van der Merwe en Boats Botha, die kapteine van Golden Stars en die Akkers, stry om besit van die bal in Saterdag se eindstryd in die sewe-aan-'n-kant toernooi.

Padaflos

Atlantics skokervare Ikeys span

Deur VERNON VAN EEDEN

'n PUIK vertoning is Saterdag deur Peter Williams, John Thomas en Sean George gelewer wat dit vir Atlantic moontlik gemaak het om die Ikeys in die jaarlikse Shell padaflos in Groenpunt 'n skoknederlaag toe te dien.

Atlantic se totale tyd oor die 60km was 3:08,11. Dit is net 40 sekondes vinniger as die Ikeys se tyd wat tweede geëindig het. Pinelands was derde in 'n tyd van 3:09,21.

Die spanne het uit tien atlete per span bestaan. Elke atleet moes 6km hardloop en 47 spanne het deelgeneem om 'n totale inskrywingstal van oor die 500 atlete van 15 klubs mee te bring.

By die oorgee van die laaste rondte was Atlantic 1min40 voor hulle naaste teenstanders. Hoewel

Ikeys se staatmaker Greg Liefeldt alles in sy vermoë probeer het en die vinnigste been van die dag gehardloop het in 17:29, was dit nog nie goed genoeg om die Atlantic atleet, Vulyani Fanie, te wen nie, wat 40 sekondes voor hom by die wenpaal aangekom het.

Die sterk vrouespan van Celtic Harriers het hulle afdeling maklik in 3:52:31 gewen. Monica Drogemoller het die vinnigste individuele been van 20:53 gehardloop.

UITSLAE:

Mans: Atlantic 3:08:11; UK 3:08:51; Pinelands 3:09:21; Celtic Harriers 3:12:58; Helderberg Harriers 3:14:07; Goodwood 3:15:13. Vroue: Celtic Harriers 3:52:36. Individuele beste tye: Greg Liefeldt 17:29; Peter Williams (Atlantic) 17:47; Gabriel Crisp (Weermag) 17:58.

Victory for Waterpolo

By ANDY WILIAMS

THE University of Stellenbosch waterpolo team has started the season in fine style with two convincing wins.

UCT was beaten 14-6 by the strong Matie team and Vineyard was given a 15-3 thrashing by the Maties last Friday.

The Maties are fortunate to have a Springbok player, Andrew Shedlock, in their side. Shedlock recently toured Europe with the national team.

He captains the Matie team and helps with the coaching while the regular coach, Pierre Potgieter, is away for a month.

John Breetzke, David Sabor and Lance Slabbert are all current WP players and Steve Saffy is a Border provincial player.

The team can be seen in action in a round robin tournament at the Coetzenberg pool tomorrow. All the top club sides will compete here. Play will start at 9 am.

Krieket

Onveranderde span staan goeie kans

Deur

HENRIETTE GELDENHUYS

DIE Matie-krieketspanne is reg vir die komende seisoen en die spelers is fikser as ooit tevore, sê hulle afrigter, mnr. Steven Farrell.

Die eerste span, met Francois Demanellie as kaptein, het goeie ondervinding opgedoen deurdat hulle die afgelope twee jaar saam in die liga gespeel het. Net vier spelers uit die eerste drie spanne het die klub verlaat en die spanne is bykans dieselfde as verlede seisoen s'n.

Vier Maties is in WP se o.23-span opgeneem. Hulle is Ralph Cullinan, Kobus Nolte, Barry Touzel en Dave Rundel.

Krieketuitslae van Saterdag, 4 Oktober:

● Stellenbosch II versus Lansdowne:

Eerstebeurttellings: Stellenbosch het 150 vir 7 aangeteken.

Graham Curry het 24 lopies aangeteken, Francois Swanepoel 15 en Dennis Herold 24 lopies. Neil Utram (30 lopies) was nie uit nie.

Lansdowne was almal uit vir 97. Neil Utram het 3 paaltjies vir 31 lopies vir Stellenbosch geneem. Paul Gingsberg 4 vir 31, en Merwe Genis 2 vir 27.

Tweedebeurttellings: Stellenbosch het teen uitskeityd 40 lopies vir die verlies van 2 paaltjies gehad. André van Wyk was uit vir 23 lopies en Graham Curry het 12 lopies n.u.n. gehad. Die wedstryd sal môre hervat word.

● Stellenbosch III teen Alma-Marist:

Eerstebeurttellings: Stellenbosch het 148 lopies aangeteken. M. English het 23 lopies aangeteken. D. Odendaal 29 en B. van Zyl 27.

Alma-Marist was uit vir 120 lopies. Vir Stellenbosch het Lawrence Breakey (3 vir 18) en P. van Zyl (3 vir 16) het goed gebou.

Pick n Play

BRACKENFELL

TEL. 9012121

Hypermarket

"Waar dit eenvoudig minder kos"




Skouer teen die wiel en voor-spoed, Maties!

SANATOGEN
POEIER
Gewoon/
Gegeur

585
250 g

VITAL B
COMPLEX
TABLETTE

598
100'e



LAATAAND-
INKOPE
ELKE VRYDAG
TOT 5 nm.
Petrolvakke
Ingestuit

ALLE VISA-EN
MASTERCARD-
KREDIETKAARTE
AANVAARBAAR

VISA

VAKANSIEWERK?

OF SELFS NAWEKE EN NA-URE

VERDIEN TOT

R5 000 PER MAAND!

KONTAK: Philip Verster Tel. 76700 NA URE
 of RADIO MATIE ATELJEE
 LANGENHOVEN STUDENTE-SENTRUM,
 ELKE WEEKSDAG TUSSEN 12.30 en 2.00 nm.
 by RADIO MATIE ATELJEE

**IN SAMEWERKING MET
 SUN PROMOSIES**

(Gewaarborg deur Volkskas Bank)




\$ VAKANSIEWERK \$

MATIES VERDIEN R172 952,51
 (JUNIE-VAKANSIE '86) (REEDS ONTVANG)

- * GEEN GEWAGTERY VIR LATERE "MOONTLIKE" GELDE NIE.
- * DOEN NOU AANSOEK VIR SEPTEMBER/DESEMBER OM TELEURSTELLING TE VOORKOM!!
- * TOT 30% KOMMISSIE.

BEURSDINEE – 24 OKTOBER
 KAARTJIES BESKIKBAAR BY DUPLEX-KANTOOR



..... stel belang om vir
 DUPLEX vakansiewerk te doen
 ADRES
 TEL NR.
 Pos aan: DUPLEX, Bus 2393, Stellenbosch
 TEL.: 73620/1 (02231)